UNIVERSITEIT
iYUNIVESITHI
STELLENBOSCH
UNIVERSITY

100
1918 · 2018

# REKTOR SE BESTUURSVERSLAG
# AAN DIE RAAD

Maandag 22 Junie 2020

Prof WJS de Villiers,
Rektor en Visekanselier

## Inhoudsopgawe


INLEIDING ..... 4
TEMA 1: 'n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH ..... 6
1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV) ..... 6
1.2 Akademiese kalender en Universiteitsalmanak hersien ..... 11
1.3 Institusionele geleenthede ..... 12
1.4 Gesondheid en welstand gedurende COVID-19 ..... 12
1.5 Kontak- en Kliëntedienssentrum ..... 13
1.6 Studentewerwing ..... 13
1.7 Aansoeke vir 2021 ..... 14
1.8 Kommunikasie gedurende die COVID-19-pandemie ..... 14
1.9 US in die nuus (10 Maart–22 Mei) ..... 15
1.11 US se wateroptimaliseringsprojek internasionaal erken ..... 19
1.12 SUNKOM ..... 20
1.13 US se maatskappyegroep ..... 20
1.14 Fondswerwing ..... 20
1.15 Strategiese Fonds ..... 22
1.16 Universiteit Stellenbosch-telkaart ..... 22
1.17 Stelselvernuwing ..... 26
1.18 Webtuisteherontwikkeling ..... 26
1.19 Virtuele IT-dienskantore ..... 27
1.20 Data- en inligtingsklassifikasieraamwerk ..... 27
1.21 Handelsmerkposisioneringstrategie en bygewerkte visuele identiteit ..... 27
TEMA 2 : 'n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING ..... 28
2.1 Steun vir ons studente gedurende die COVID-19-pandemie ..... 28
2.2 Studentesport en COVID-19 ..... 31
2.3 US se SR nou deel van SAUS ..... 31
2.4 Eerstejaarsprestasietoekennings ..... 32
2.5 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld ..... 32
2.6 Transformasiegerigte skryfwerk, navorsing en skakeling ..... 32
2.7 Leiding oor sosiale media ..... 33
2.8 Nagraadse inskrywings 2020 ..... 33
TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE ..... 34
3.1 Internasionalisering by US nou aanlyn ..... 35
3.2 Internasionale ooreenkomste ..... 36
3.3 Internasionalisering van die kurrikulum ..... 36
3.4 Internasionale Universiteit van Venesië-konsortium ..... 36
3.5 AC21-netwerk ..... 36
3.6 Wêreldburgerskapsprogram ..... 37
3.7 Alumniskakeling ..... 37
3.8 Sosiale impak gedurende COVID-19 ..... 38
3.9 US Woordfees, WOW en US Koor ..... 39
3.10 MGD 'n finalis vir internasionale prys ..... 40
3.11 Telematiese Skoleprojek ..... 40
TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER ..... 40
4.1 Kwalifikasies toegeken in die akademiese jaar 2019 ..... 41
4.2 Steun vir aanlyn onderrig en leer ..... 42
4.3 US bring Afrikadatawetenskapakademie tot stand ..... 44
4.4 Elektroniese studenteterugvoer ..... 45
4.5 Akademici as opvoeders ontwikkel ..... 45
TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK ..... 45

5.1 Navorsing te midde van COVID-19 ... 45
5.2 Navorsingsetiekkomitees ... 46
5.3 Biblioteek ’n aanlyn baanbreker ... 46
5.4 NNS-graderings ... 46
5.5 Navorsingsuitsette ... 47
5.6 Navorsingskontrakverslae ... 48
5.7 Nasionale beoordeling van doktorsgrade deur Raad op Hoër Onderwys ... 48
5.8 Nagraadse navorsingsfinansiering ... 48
5.9 Open4Research ... 49
TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER ... 50
6.1 nGAP by US ... 50
6.2 Menslike Hulpbronne-beoordeling ... 50
6.3 Personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk 2019/20 ... 50
6.4 Taakgroep vir personeelerkenning en -aansporing ... 51
6.5 Aanstellings en prestasies ... 51
SLOT ... 52
BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE ... 53
Meningsartikels (25 Feb tot 14 Mei 2020) ... 53
Rubrieke (25 Feb tot 14 Mei 2020) ... 58
MEDEWERKERS ... 60

## INLEIDING

Welkom by die **tweede (aanlyn) Raadsvergadering van 2020** – in alle opsigte ’n besonder uitdagende jaar tot dusver, veral vir ons in die hoër onderwys. Ons is almal teen dié tyd deeglik bewus van die **koronaviruspandemie**, die daaropvolgende ramptoestand en die verlengde inperking wat op 27 Maart (relatief kort voor die vorige Raadsvergadering van 6 April) in werking getree het. Hierdie ontwikkelings het noodgedwonge sekere dringende veranderinge aan **vanjaar se akademiese program** meegebring **(sien 1.2)**.

Boonop het ek in Februarie by ons Institusionele Beplanningsforum ’n lys prioriteite vir die kort tot mediumtermyn uitgespel. Weens die impak van COVID-19 en die inperking moes ek my egter by slegs twee prioriteite bepaal: om te sorg dat ons die **akademiese jaar 2020** suksesvol voltooi, en om die **volhoubaarheid van ons instelling** te verseker.

Om dít te vermag, moes ons ’n hele aantal bedryfsinisiatiewe en -aktiwiteite in werking stel, wat enorme eise aan ons menslike vermoë en hulpbronne gestel het. In hoofsaak was die uitdaging om die ontwrigtende gebeure deur middel van scenariobeplanning te voorsien en in ’n geweldige onseker tyd so behendig en strategies moontlik op die krisis te reageer.

Soos alle ander instellings in die hoëronderwyssektor moes ons ook ons gewone kontakonderrig opskort om die grootste gedeelte van ons akademiese aanbod op ons **aanlyn platform**, SUNLearn, aan te bied. Ons was weliswaar van plan om sekere modules oor die volgende jaar of wat op ’n gefaseerde manier na die digitale platform te verskuif. Nietemin het die werklikhede van koronavirussiekte (COVID-19) ons gedwing om aanlyn onderrig en leer te bespoedig en op groot skaal en binne ’n **bitter kort tyd** te implementeer.

Dit is vir my aangenaam om te kan verslag doen dat, ondanks ’n paar logistieke en infrastruktuuruitdagings, Span Universiteit Stellenbosch (US) hulle **goed van hul taak gekwyt** het. Dosente het nie net behendig studiemateriaal in ’n digitale vorm omgeskakel nie, maar het onwrikbare toewyding getoon om die pedagogiese aspekte van aanlyn onderrig te bemeester. Ek kan persoonlik getuig van die “klein jakkalsies” van aanlyn onderrig in die paar lesings wat ek bevoorreg is om nog te kan aanbied.

Ons personeellede se toewyding, sowel as die duidelike en innoverende advies en opleiding van ons Afdeling Leer- en Onderrigverryking, het ’n stewige grondslag gelê vir die verskuiwing na aanlyn onderrig en leer. Die uitsonderlike werk van die US se Afdeling Informasietegnologie om die infrastruktuur en vermoë te voorsien sodat duisende studente SUNLearn gelyktydig kan gebruik, verdien natuurlik ook spesiale vermelding.

Toegegee, daar was aanvanklik ’n paar probleme, maar alles dui daarop dat aanlyn leer vlot verloop. Dít is deels te danke aan die installering van ’n nuwe bediener, wat drukgange uitgeskakel het en dit moontlik gemaak het om groot volumes verkeer te hanteer.

Die **ganse US-gemeenskap** staan saam in reaksie op die krisis. Studente in ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe (FGGW) werk byvoorbeeld as vrywilligers om ons gesondheidsorgwerkers die pandemie te help bestry, en kollegas in ons Afdeling Sosiale Impak reik uit na die groter gemeenskap met kospakkies vir huishoudings in nood.

Ook ons navorsers het met indrukwekkende innovasies vorendag gekom. US-wetenskaplikes het daarin geslaag om ou brood in handontsmetmiddel met ’n alkoholbasis te omskep, tegnoloë het robotte in ’n hospitaal ontplooi sodat spesialiste van buite die perseel steeds saalrondtes kan doen, en ingenieurs het met ’n 3D drukker onderdele vir asemhalingstoestelle sowel as beskermingsdrag vir gesondheidsorgwerkers vervaardig. Hierdie voorbeelde is tekenend van die Universiteit se kern strategiese tema “Navorsing vir impak”, wat voortspruit uit die US se Visie 2040, waarin ons onderneem om kennis “tot diens van die samelewing” te bevorder. (**Raadpleeg 5.1** vir meer oor die US se navorsings- en innovasiereaksie op die COVID-19-krisis.)

Die spil waarom die US se suksesvolle bestuur van die impak van die COVID-19-pandemie draai, is die **Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)**. Deur sy sewe werkstrome en een advieskomitee hanteer dié struktuur die praktiese bedryfsaangeleenthede om die suksesvolle voortsetting van die akademiese jaar 2020 te verseker. (**Blaai na afdeling 1.1** vir 'n oorsig.)

Onder my gedelegeerde bevoegdheid het die US se Bedryfshoof, **prof Stan du Plessis**, die IKBV gelei om die hoofkenmerke van die nou gewysigde akademiese jaar in pas met die Departement van Hoër Onderwys en Opleiding (DHOO) se raamwerk en riglyne te beplan, te bestuur en te implementeer. (Klik hier vir die US se spesiale COVID-19-blad met al ons tersaaklike mededelings en nuus.)

'n Groot uitdaging in die oorgang van tradisionele onderrig na aanlyn aanbieding was om oplossings te bedink vir studente sonder toegang tot digitale toerusting (in die besonder rekenaars en/of die internet). In ons beste poging om te keer dat enige student agterbly, het die Universiteit 'n aanvanklike 1 500 **skootrekenaars** aangekoop om aan studente in moeilike sosio-ekonomiese omstandighede te leen. Nóg 228 skootrekenaars moes later aangekoop word om in die verdere vraag te voorsien. Dít is verder ondersteun deur sektorale ooreenkomste met sellulêre netwerke vir **gratis toegang** tot ons aanlyn leerplatforms. Ons het ook (vir Mei en Junie) **mobielenetwerkdatabundels** aan alle studente voorsien.

Hierdie bykomende uitgawes sowel as 'n magdom ander onvoorsiene kostes word tans uit die Universiteit se **gebeurlikheidsfonds** betaal. Vanselfsprekend moet koste egter omsigtig bestuur en die US se kontantvloei te alle tye verseker word. Daarom is 'n tydelike verbod geplaas op die gebruik van oorblywende **rekeningsaldo's** in die **hoofbegroting** vir enige nuwe aktiwiteite of inisiatiewe. Hierdie verbod geld vir die afsienbare tyd vir alle omgewings van die Universiteit.

Om van die finansiële druk op universiteite vanweë COVID-19 en die inperking te help verlig, het die DHOO goedkeuring verleen vir die hertoewysing van onbenutte bestemde staatstoekennings om van die noodsaaklike onvoorsiene koste te dek. Die US kon R7,7 miljoen vir dié doel hertoewys – weliswaar welkom, maar aansienlik minder as die **meer as R200 miljoen** wat vereis word vir noodsaaklike aanpassings vir die suksesvolle voltooiing van die akademiese jaar 2020.

Dit is ook belangrik om daarop te let dat die terugkeer van 'n derde van die studentekorps na ons onderskeie kampusse ingevolge die bepalings van **vlak 3** van die nasionale ramptoestand (vanaf 1 Junie) steeds impliseer dat ons met aanlyn onderrig en leer sal moet voortgaan, en vir die gepaardgaande koste sal moet instaan. Dit is onprakties vir 'n derde van die studente om kontaklesings by te woon, terwyl die oorblywende twee derdes in die kuberruimte leer. Om die waarheid te sê, ons voorsien dat die res van hierdie akademiese jaar dalk aanlyn sal moet voortgaan.

Die Raad behoort ook kennis te neem van die indirekte impak van die nasionale inperking en die migrasie na aanlyn leer op die US se finansies. Ons het ingestem dat **huisvestingsgeld** vir vanjaar beperk word tot die tyd wat studente wel Universiteitshuisvesting bewoon. Ons hoor ook toenemend oproepe om 'n verlaging in **studie- en ander geld** omdat studente nie geriewe (lesingsale, laboratoriums, biblioteke, sportfasiliteite, ens) soos altyd kon gebruik nie.

Nietemin is ek méér bekommerd oor die uitwerking van COVID-19 op staatskuld, en die domino-effek wat dít in die toekoms op hoëronderwysinstellings sal hê. Voeg daarby studente se aandrang op meer staatsfinansiering vir studentesteun, en dis duidelik dat ons sektor waarskynlik 'n betreklik uitdagende tyd tegemoetgaan, en dat instellings moontlike verdere afnames in **staatsfinansieringsvlakke** kan verwag. Ons sal ons moet staal vir wat voorlê.

'n Lid van die Rektoraat kry al om die beurt geleentheid om volledig aan die Raad verslag te doen – hierdie keer **prof Nico Koopman, Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel**. Daarom bevat hierdie oorhoofse bestuursverslag verslag slegs enkele hoogtepunte uit sy portefeulje. Hierdie verslag handel oor die tydperk **6 Maart tot 22 Mei 2020**, tensy anders aangedui. Dit is op **3 Junie** by die Registrateursafdeling ingedien. Ek en my medebestuurslede verwelkom die geleentheid om met die Raad in gesprek te tree.

## TEMA 1: ’n FLORERENDE UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* (klik op skakel vir volledige dokument) lui soos volg oor hierdie kern strategiese tema: “Om die US **’n florerende organisasie** te maak, beoog ons ’n **lewenskragtige**, **voorspoedige** en **sistemies volhoubare** universiteit (met ‘florerend’ wat omskryf word as ‘om sukses te behaal of bestendige vordering te maak; om voorspoedig te wees; om te gedy’). Die US erken die groot uitdagings verbonde daaraan om ’n florerende universiteit te word. Ons besef dat ons responsief sowel as proaktief moet wees om die toekoms van die Universiteit te rig. Ons is verbind tot sistemiese volhoubaarheid, wat mense, plek (sosiaal), welvaart (ekonomies) en die omgewing insluit en verantwoordelike korporatiewe oorsigbestuur noodsaaklik maak”.

### 1.1 Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)

Toe die koronavirussiekte (COVID-19), wat deur die nuwe koronavirus SARS-CoV-2 veroorsaak word, teen die einde van 2019 opslae begin maak het, het die US ontwikkelings in dié verband noukeurig begin dophou. Om die aangeleentheid proaktief te hanteer, het die Rektoraat op 4 Februarie ’n **gebeurlikheidskomitee** onder leiding van die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, ***prof Eugene Cloete***, saamgestel.

Toe die Wêreldgesondheidsorganisasie die uitbreking op 12 Maart tot ’n wêreldwye pandemie verklaar het, moes ons hierdie bykomende uitdaging die hoof bied. Vier dae later is ons koronavirusgebeurlikheidskomitee in ’n subkomitee oor mediese aangeleenthede omskep. ’n Verdere tien subkomitees is ook geskep, wat almal verslag gedoen het aan ’n oorhoofse **Institusionele Komitee vir Bedryfsvoortsetting (IKBV)** onder leiding van die US se Bedryfshoof, ***prof Stan du Plessis***. Die IKBV is die taak gegee om die insette van sy substrukture saam te trek, wat elk konsentreer op kernfasette van die Universiteit se werksaamhede.

Hierdie liggaam is later gestroomlyn deur die subkomitees in **sewe werkstrome** en ’n **Mediese Advieskomitee** in te deel. Die werkstrome word gekoördineer deur lede van lede van die bestuur, en handel oor (i) studentedienste, (ii) personeel, (iii) leer en onderrig, (iv) kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge, (v) kampusbedrywighede, (vi) finansies en regsaangeleenthede, en (vii) navorsing. ’n Samevatting van die aktiwiteite van elk van die sewe werkstrome en die Mediese Advieskomitee tot dusver volg hieronder.

#### Werkstroom 1: Studentedienste

***Voorsitter: Dr Ronel Retief***

Die werkstroom vir studentedienste (WSD) **het oor die volgende sake geadviseer**:

- Die US se heel eerste aanlyn gradeplegtigheid is op 3 April gehou, waar ons nuwe Kanselier, **oudregter Edwin Cameron**, kwalifikasies in absentia aan alle graduandi van Maart/April 2020 verleen het (**sien 4.1** en klik hier vir ’n kort video). Hierdie gegradueerdes sal in Desember 2020 die geleentheid hê om oor die gradeplegtigheidsverhoog te stap, mits COVID-19 dit toelaat. Die WSD het ook met ’n meganisme vorendag gekom om formele e-verklarings uit te reik wat bevestig dat die studente inderdaad hul kwalifikasies verwerf het.
- Die nuwe institusionele kalender is binne die goedgekeurde raamwerk van die Uitvoerende Komitee van die Senaat saamgestel, met inbegrip van nuwe klas- en assesseringsroosters, nuwe vergaderdatums vir statutêre liggame, en die verskuiwing van die jaareindgradeplegtighede na die week van 14–18 Desember (**sien 1.2**).
- Die WSD het riglyne vir registrasie en die onderbreking of staking van studies opgestel. Die riglyne maak onder meer voorsiening vir spesiale COVID-19-verwante oorwegings sowel as die uitstel van sperdatums om geaffekteerde studente tegemoet te kom.

**Drie werkgroepe** is tot stand gebring om die volgende scenario’s (risiko’s) met betrekking tot nuwelinge in 2021 te oorweeg:

1. Die moontlike swak voorbereidheid van nuwe eerstejaars
2. Die laat vrystelling van matriekuitslae, en die impak daarvan op ons 2021-kalender
3. Die uitwerking van swak matriekuitslae op die aansoekerpoel, en hoe dít inskrywingsteikens kan beïnvloed

’n Voorstel om soepel besluitneming deur die Raad te verseker, veral wat COVID-19-verwante kwessies betref, is goedgekeur deur die Uitvoerende Komitee van die Raad.

## Werkstroom 2: Leer en onderrig

***Voorsitter: Prof Arnold Schoonwinkel***

Die werkstroom vir leer en onderrig (WLO) fokus op die voortsetting en aanpassing van leer en onderrig te midde van die COVID-19-pandemie, sowel as op studentesorg. Risiko’s word by die IKBV en die US se Oudit- en Risikokomitee aangemeld namate dit ontstaan. Die WLO bepaal ook weekliks watter inligting oor leer en onderrig aan studente en personeellede oorgedra moet word.

**Kwessies wat deur die WLO hanteer is:**

- Hulpbronskepping en opleiding vir dosente
- Die toerusting van steunpersoneel en tutors vir aanlyn leer
- Die skep van aanlynleerhulpbronne vir studente, waaronder antwoorde op gewilde vrae
- Die voorsiening van skootrekenaars en data om te sorg dat studente wat hierdie hulpbronne kortkom toegang tot die US se aanlyn leermateriaal kan verkry
- Die herbeplanning van die akademiese jaarkalender en assesserings
- Beplanning vir studente se stelselmatige en veilige terugkeer na die kampus en koshuise

**Die WLO beplan vir die volgende drie scenario’s:**

1. Aanlyn leer en assessering vir die tweede kwartaal van 2020, gevolg deur gewone residensiële leer en onderrig vanaf die tweede semester
2. Aanlyn leer en assessering vir die res van 2020
3. Die moontlikheid dat die huidige akademiese jaar na 2021 kan oorvloei

## Werkstroom 3: Personeel (menslike hulpbronne, gesondheid en welstand)

***Voorsitter: Prof Nico Koopman***

Die werkstroom vir personeel (WP) bied advies oor personeelsake teen die agtergrond van COVID-19, binne die raamwerk van die US se waardes van menswaardigheid, deernis en empatie.

**Kernuitsette gelewer:**

- ’n Skrywe aan personeellede oor gesondheid- en welstandsdienste tot hul beskikking
- ’n Enkele personeelhulpbronblad wat praktiese en emosionele steun voorsien
- ’n Dokument oor verlofbepalings gedurende die inperking en daaropvolgende herintegrasietydperk
- Riglyne vir die herintegrasie van personeel (Met die inwerkingtreding van die vlak 3-inperkingsregulasies op 1 Junie is personeellede gevra om nie na die werkplek terug te keer voordat hulle lynbestuurder hulle dienooreenkomstig in kennis stel nie.)
- ’n Dokument oor prestasiebestuur tydens die nasionale inperking en herintegrasietydperk
- Die Dissiplinêre Kode van toepassing gedurende die inperking en herintegrasietydperk

## Werkstroom 4: Kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge

***Voorsitter: Prof Hester Klopper***

Die IKBV-werkstroom vir kommunikasie, sosiale impak en eksterne verhoudinge (WKSIEV) bring lede van ’n wye verskeidenheid afdelings en omgewings byeen. Dít sluit in Navorsingsontwikkeling, Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge, Korporatiewe Kommunikasie, Sosiale Impak, Menslike Hulpbronne, Studentesake, Studentewerwing, US Internasionaal, die Studenteraad (SR) sowel as Tygerbergkampus.

In die oorweging van en beplanning vir verskillende scenario’s en risiko’s, spits die WKSIEV hom daarop toe om strukture, protokolle en raamwerke vir kommunikasie met ’n verskeidenheid belanghebbendes gedurende die COVID-19-pandemie te skep. Die hoofdoel is om ’n positiewe gemeenskapsimpak te verseker en goeie eksterne verhoudinge te bou.

**Kerndokumente** wat deur hierdie werkstroom ontwikkel is, sluit die volgende in:

- Die US se oorhoofse reaksie op COVID-19
- Beginsels vir reaksie op eksterne versoeke vir fondswerwing en hulpbronmobilisering
- Protokol vir kommunikasie gedurende COVID-19
- Raamwerk vir die koördinering van massa-e-posse gedurende die COVID-19-pandemie
- Protokol vir versoeke om die US se kommunikasiekanale te gebruik

## Werkstroom 5: Kampusbedrywighede

***Voorsitter: Me Nicolette van den Eijkel***

Die werkstroom vir kampusbedrywighede (WKB) bewerkstellig ’n geïntegreerde krisisreaksie deur Fasiliteitsbestuur, Informasietegnologie en die US se koshuise.

Die WKB het aanvanklik daarop gefokus om die Universiteit aan die gang te hou vir noodsaaklike werk en noodgevalle op kampus, en om aanlyn toegang te voorsien sodat studente verder kan studeer en personeel van die huis af kan werk. Die verantwoordelikhede van die werkstroom is sedertdien uitgebrei om ook die ontwikkeling van scenario’s vir studente en personeellede se terugkeer na ons kampusse in te sluit.

**Kampussekuriteit:**

Kampussekuriteit het die hele inperking deur veiligheidspatrollies en verbandhoudende dienste gelewer. Die kantoorpersoneel van Kampussekuriteit werk almal van die huis af, en die direkteur en bedryfsbestuurders is van tyd tot tyd op kantoor om sake te hanteer wat nie aanlyn gedoen kan word nie. Personeel patrolleer te voet en in voertuie, hou kameras dop, en reageer op alarms.

**Eiendomsdienste:**

Eiendomsdienste het ’n klein terreinspan aan diens op ons verskillende kampusse om noodgevalle en dringende instandhouding te hanteer om moontlike risiko’s te beperk. Die span het beplande instandhoudingsinspeksies van die stormwaterstelsel voltooi en geboue ná die swaar reën aan die begin van April vir waterskade nagegaan.

Die nutsdienstespan hou water- en elektrisiteitsverbruik deur middel van afstandsmonitering dop. Ons elektrisiteitsverbruik het met ’n geskatte 40% gedaal. Dít is danksy Fasiliteitsbestuur se flink optrede om nienoodsaaklike stelsels in verskeie geboue af te skakel. Die inperking bied ons ’n geleentheid om te bepaal hoe ons moniteringstelsels vaar, en om verbruik op alle kampusse beter te verstaan. Dít sal ons help beplan om ons verbruik in toekomstige resestye selfs verder te verlaag.

**Fasiliteitsdienste:**

Ons skoonmaakdiensverskaffer op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus het gespesialiseerde COVID-19-ontsmettingspanne beskikbaar gestel. Dié spanne lewer skoonmaakdienste by Kampussekuriteit se fasiliteite én in areas wat gebruik word deur personeel- en studentevrywilligers wat by Tygerberghospitaal hulp verleen.

Fasiliteitsbestuur en die Afdeling Aankope en Voorsieningsdienste het ook reëlings getref om te sorg dat alle personeel en studente toegang het tot die korrekte persoonlike beskermingstoerusting (maskers en handskoene) sowel as handontsmetmiddel en seep.

## Werkstroom 6: Finansies en regsaangeleenthede

***Voorsitter: Mnr Manie Lombard***

Die opdrag van die werkstroom vir finansies en regsaangeleenthede (WFR) is om die finansiële en regsimplikasies van COVID-19 te bestuur.

**Beskerming teen koste-implikasies:**

Nes vir die groter samelewing, sal die COVID-19-pandemie waarskynlik ook vir die US aansienlike finansiële implikasies inhou wat direkte en indirekte koste sowel as verlies aan inkomste betref. Om die Universiteit op hierdie ontwrigting voor te berei en die instelling teen onvoorsiene institusionele uitgawes vir die bestuur van die krisis te beskerm, het die Raad goedkeuring verleen dat bykans R105 miljoen opsygesit word.

**Beleggingsportefeulje:**

Skerp dalings in aandelemarkte, sowel plaaslik as oorsee, tesame met erge valutaskommelinge het ’n enorme impak op die US se beleggingsportefeulje gehad. Die Universiteit se medium- en langtermynportefeuljes het in die eerste drie maande van 2020 gesamentlik aansienlik gekrimp. Nogtans was hierdie uitkoms steeds aansienlik beter as resultate in die plaaslike mark (in rand) en die meeste internasionale markte (in hulle plaaslike geldeenhede) weens die beduidende waardevermindering van die rand oor dieselfde tydperk.

**Versekering:**

Die US het sy versekeringsagent, Marsh, met ’n moontlike eis genader. Tog bly die versekeraars en hul herversekeraars ons nog in hierdie stadium ’n antwoord skuldig, want wêreldwye onsekerheid oor watter dekking voorsien sal word, is nog nie opgeklaar nie.

**Kontantvloei:**

Kontantvloeivooruitskattings word op ’n daaglikse, maandelikse en jaarlikse grondslag bestuur namate nuwe inligting oor COVID-19 beskikbaar raak. Verskillende omgewings onderneem steeds scenariobeplanning, en kontantvloeiverslae sal bygewerk word sodra daardie inligting gereed is. Langertermynvooruitskattings is tot en met 2027 gedoen. Die bestuur is tevrede dat die maatreëls wat tot dusver getref is voldoende is om finansiële volhoubaarheid oor ’n beplanningshorison van ses jaar te verseker.

## Werkstroom 7: Navorsing

***Voorsitter: Prof Eugene Cloete***

Hierdie werkstroom bestaan uit die visedekane vir navorsing van alle fakulteite, sowel as sekere senior professionele administratiewe steunpersoneel.

**Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO)**

- ANO werk van die huis af, maar is volstoom aan die gang en gaan voort om steundienste te lewer. Dít is ook aan die kampus gekommunikeer.
- Die navorsingsgemeenskap is gevra om die werkstroom van navorsingsverwante uitdagings en risiko's in kennis te stel.
- 'n Register en daaropvolgende verslag met 'n oorsig van US-navorsingsprojekte en/of enige navorsings- en innovasieaktiwiteite met betrekking tot COVID-19 is saamgestel en aan Universiteite Suid-Afrika (USAf) en die Afrikanavorsingsuniversiteitsalliansie (ARUA) gestuur en ook wyer versprei. Klik hier vir die verslag (en **sien 5.1**).
- 'n Versoek vir uitstel van die indieningsdatum vir publikasieuitsette van 2019 is aan die DHOO gerig omdat instellings nie in hierdie tyd boekpublikasies kon evalueer nie. Die versoek is toegestaan en die datum is tot 30 Junie uitgestel.

**Kontrakte:**

- Navorsingsfinansiering is in gevaar indien die US sy navorsingsaktiwiteite onderbreek. Projekleiers en hulle vennote is derhalwe versoek om moontlike vertragings en nielewering van projekuitkomste te bepaal en die span van Navorsingskontrakte te kontak om enige vereiste kontrakwysigings te help fasiliteer of kostevrye uitstel met finansiers te beding.
- Personeel van Navorsingskontrakte koördineer ook 'n risikopeiling van alle navorsingsprojekte en het alle ontvangers van navorsingstoekennings versoek om die opname te voltooi. (**Sien ook 5.6**.)

**Biblioteek- en Inligtingsdiens:**

- Uitvoerige kommunikasie is versprei oor biblioteekdienste wat aanlyn beskikbaar is.
- Die US het USAf versoek om die Uitgewersvereniging van Suid-Afrika te nader om 'n beroep op hulle lede te doen om daardie handboeke wat die land se hoëronderwysinstellings benodig vryelik beskikbaar te stel.
- Die behoefte aan e-boeke, veral e-handboeke, het aansienlik toegeneem. In dié verband het die Biblioteek- en Inligtingsdiens 'n COVID-19-biblioteekgids opgestel van e-hulpbronne wat uitgewers tydelik gratis voorsien.
- Daar is 'n dringende behoefte om toegang tot gedrukte materiaal in die US se biblioteke te bekom sodat dit geskandeer en per e-pos of op SUNLearn aan studente en akademici beskikbaar gestel kan word.

**Sentrale Analitiese Fasiliteite (SAF):**

- SAF-bedrywighede sal afneem, wat inkomste sal laat daal.
- Altesaam R10 miljoen is vir die res van 2020 beskikbaar gestel om SAF te ondersteun. Hierdie geld sal van die finansiering vir 2021 verhaal word indien die versekeraars nie vir die koste instaan nie.

**Nadoktorale Kantoor:**

- Die Nadoktorale Kantoor bly voortdurend in kontak met nadoktorale genote en het hulle behoorlik ingelig oor die belang van toetsing en self-isolasie nadat hulle gereis het.
- Nadoktorale genote is ook aangemoedig om in die lig van die huidige krisis hul memorandums van verstandhouding (MvV's) met hulle gashere te bespreek en aanvanklike leweringsdoelwitte te herbeding.

**Nagraadse studente:**

- Die Nagraadse Kantoor het 'n opname onder studente onderneem om hul omstandighede met betrekking tot studieleierkontak, toegang tot hulpbronne, ensovoorts te bepaal.

- Finalejaarstudente loop gevaar om nie hul studies binne die toegelate tydraamwerk te voltooi nie. Die Nasionale Navorsingstigting (NNS) is versoek om uitstelsteun te voorsien.
- Die werkstroom het aanbeveel dat fakulteite ’n spesiale fakulteitsvergadering hou (later as hul gewone fakulteitsraadsvergadering) om die moontlikheid van uitstel vir die indiening en eksaminering van nagraadse tesisse te bespreek.
- Daar is ook aanbeveel dat nagraadse studente wat weens COVID-19 die indieningsdatum van 1 Desember 2020 vir tesiseksaminering misloop, toegelaat word om later in te dien sonder dat hulle vir 2021 ’n registrasiefooi hoef te betaal. Dít sal finansiële implikasies inhou.

**Etiekbeoordelingskomitees:**

- Die navorsingsgemeenskap het ’n skrywe ontvang met institusionele riglyne ten opsigte van navorsing met mense (d.w.s. geestes-/sosiaalwetenskaplike sowel as mediese navorsing).
- ’n Standpunt oor bioveiligheid is ook kort daarna uitgereik.

**NNS:**

- ANO neem deel aan volgehoue pogings om die sperdatums vir nuwe NNS-versoeke uitgestel te kry en om groter duidelikheid te bekom oor gebeurlikheidsmaatreëls vir diegene met NNS-toekennings. Die Afdeling het die NNS se kommunikasie in dié verband op 22 April aan alle navorsers gestuur.
- Reëlings vir interne beoordelings is nou aangepas na gelang van die nuwe NNS-sperdatums.

### Mediese Advieskomitee

***Voorsitter: Prof Eugene Cloete***

Die doel van die komitee is om die US voor te berei om op ’n nasionale en internasionale viruspandemie te reageer deur nasionale riglyne en beste praktyk op die omstandighede by die US toe te pas om die verspreiding van die siekte te beperk.

**Stappe deur die komitee:**

- Ons Kampusgesondheidsdiens het voorkomingsmaatreëls universiteitswyd gekommunikeer.
- Die komitee het vroeg reeds aanbeveel dat alle konferensies met internasionale afgevaardigdes uitgestel of gekanselleer word, tensy die geleenthede deur middel van internetstroming kon voortgaan.
- Daar is ook aanbeveel dat alle internasionale reise deur US-lede opgeskort word nog voordat die landwye inperking ’n reisverbod opgelê het.
- Die komitee het aanbeveel dat geen studente voor die einde van Mei terugkeer kampus toe nie, buiten senior mediese studente, na gelang van ontwikkelings.
- Aanvanklike ondersoeke na die moontlike opknapping van die waakeenheid op ons Tygerbergkampus is afgehandel en moontlike skenkers sal om finansiering genader word.

## 1.2 Akademiese kalender en Universiteitsalmanak hersien

Ons moes die herfsreses as gevolg van die landwye inperking verleng. Dít het egter ook noodgedwonge veranderinge aan die akademiese jaar 2020 meegebring.

Om te sorg dat onderrig-en-leerprogramme gedurende die inperking voortduur en die akademiese jaar met die mins moontlike ontwrigting voltooi word, het die **Uitvoerende Komitee van die Senaat** die volgende wysigings aan die akademiese kalender vir 2020 goedgekeur:

<u>Eerste semester</u>

| | |
|---|---|
| Kwartaal 2: | Ma 20 Apr–Vr 5 Jun 2020 (sewe weke/35 dae klas) |
| Assesseringsgeleentheid 1: | Ma 8 Jun–Vr 26 Jun (16 dae, wat Saterdae insluit) |
| Assesseringsgeleentheid 2: | Sa 27 Jun–Sa 11 Jul (13 dae, wat Saterdae insluit) |
| Reses: | 13–24 Jul |

<u>Tweede semester</u>

| | |
|---|---|
| Kwartaal 3: | Ma 27 Jul–Vr 11 Sep (sewe weke/35 dae klas) |
| Reses: | 14–18 Sep |
| Kwartaal 4: | Ma 21 Sep–Vr 30 Okt (ses weke/30 dae klas) |
| Assesseringsgeleentheid 1: | Di 3 Nov–Wo 25 Nov (20 dae, wat Saterdae insluit) |
| Assesseringsgeleentheid 2: | Do 26 Nov–Sa 12 Des (15 dae, wat Saterdae insluit) |
| **Gradeplegtighede:** | **14–18 Des** (vyf dae, insl. 16 Des, ’n openbare vakansiedag) |

Hierdie inligting verskyn in die oorhoofse institusionele kalender (die Universiteitsalmanak), tesame met hersiene vergaderdatums vir statutêre liggame en ander strukture.

## 1.3 Institusionele geleenthede

Toe dit duidelik word dat groot groepe mense ’n beduidende risiko vir die verspreiding van COVID-19 inhou, het die US – selfs nog voor die aankondiging van die inperking – besluit om die Maart/April-gradeplegtigheidsweek vir 2020 te kanselleer (**sien 4.1**). Ook die Kanselier se inhuldiging, wat op 8 April sou gebeur, is afgestel.

Korporatiewe Kommunikasie het daarna protokolriglyne met advies en leiding vir geleentheidsbeplanning by die US begin opstel. Hierdie riglyne sluit byvoorbeeld ’n **protokol vir kommunikasie met die Kanselier** in, sowel as kontrolelyste en tydlyne vir die beplanning van geleenthede. Die doel is om konsekwente handelsmerkervarings te skep en handelsmerkkapitaal te verhoog, veral in ’n wêreld waar aanlyn geleenthede die nuwe norm sal wees. Nóg ’n oogmerk is om te sorg dat die standaard en handelsmerkgebruik van institusionele geleenthede eenvormig is.

## 1.4 Gesondheid en welstand gedurende COVID-19

KGD het die wêreldwye uitbreking van COVID-19 gemoniteer en as **raadgewer** opgetree vir akademiese departemente, studentekoshuise, Maties Sport en ander Universiteitsomgewings voordat die US se Mediese Advieskomitee saamgestel is. KGD en ons Afdeling Korporatiewe Kommunikasie is ook voortdurend in kontak om te sorg dat die jongste en omvattendste inhoud op die US se amptelike COVID-19-webblad geplaas word. Dít sluit die nuutste **protokolle** in.




Nadat die inperking teen die einde van Maart aangekondig is, het KGD se aandag na aktiewe deelname aan die IKBV, veral die Mediese Advieskomitee en die werkstroom vir personeel, verskuif. Daarbenewens het KGD die afdelings Verkryging en Studentesake geadviseer oor studente wat in koshuise agtergebly het, sowel as oor studente se terugkeer na die kampus. Boonop het KGD-personeel Stellenbosch Munisipaliteit sowel as Stellenbosch-hospitaal en Mediclinic Stellenbosch met telefoniese sifting, beplanning en protokolle bygestaan.

Gedurende die vlak 5-inperking het KGD op sowel Stellenbosch- as Tygerbergkampus **aanhou werk**, dog streng volgens nasionale gesondheidsorgprotokolle. Die klinieke het fisies oopgebly vir noodsaaklike mediese dienste aan personeellede en studente, en as siftingsfasiliteit. ’n Telefoonlyn is ook beskikbaar gestel waar ’n dokter voltyds aan diens is om personeel en studente van gesondheidsverwante inligting te voorsien.

Lugweginfeksies het in die verslagtydperk algemeen voorgekom, so KGD het proaktief opgetree deur ’n toegespitste griepinentingsveldtog van stapel te stuur om die uitwerking van seisoensgriep te verminder. Gedurende die oorsigtydperk is 120 senior mediese studente wat vir kliniese onderrig teruggekeer het, sowel as 37 werkers op US-plase, ingeënt. Die inentingsinisiatief sal voortgesit word namate studente en personeellede na ons kampusse begin terugkeer.

**Gesondheidsbevordering** duur voort, want dit is ’n strategiese doelstelling van die KGD om te sorg dat personeellede en studente van die US op hoogte is van gesondheid- en welstandsake. Na aanleiding van die kalender van die Wêreldgesondheidsorganisasie het KGD in die verslagtydperk artikels oor gloukoom, soutinname, kopbeserings, tuberkulose (TB) en Wêreldgesondheidsdag op die US-webtuiste geplaas. Die gewildste Facebook-plasing wat reikwydte en deelname betref, was oor die First Things First-veldtog vir **MIV-toetsing** wat deur die US se Eenheid vir Gelykwaardigheid behartig word. Bykans 11 000 mense het die plasing gelees en daarop gereageer.

## 1.5 Kontak- en Kliëntedienssentrum

Die Kontak- en Kliëntedienssentrum moes weens die inperking hul mandaat **van die huis af** begin uitvoer. Finansiële steun is uit die Universiteit se gebeurlikheidsfonds beskikbaar gestel om die nodige toerusting aan te koop en maksimum stabiliteit vir telefoon- en e-posdienste te verseker. Sodoende kon die Sentrum ’n konstruktiewe rol vervul om die Universiteit se aanlyn leeraanbod te ondersteun tesame met die afdelings Leer- en Onderrigverryking, Korporatiewe Kommunikasie sowel as Studentetoegang. ’n Ontleding van e-posse vir April 2020 toon dat die Sentrum aansienlik meer navrae (9 860) hanteer het as in April verlede jaar (7 812).


## 1.6 Studentewerwing

**Aansoeke** om toelating tot alle voorgraadse programme met die oog op 2021 het op 1 Maart 2020 geopen en **sal op 30 Junie sluit**. Die nasionale inperking bring ernstige uitdagings mee, maar ons studentewerwingspan en fakulteite het hulle strategieë aangepas om soveel moontlik na voornemende studente uit te reik. Verskeie aanlyn werwingsmetodes word gebruik, van digitale en sosialemediaplatforms tot e-posse, SMS’e en Facebook-veldtogte. ’n Aantal video-insetsels en aanlyn adviessessies is ook geskep en radio-onderhoude is vir April en Mei gereël. Daarbenewens word ons toegewyde studentewerwingswebtuiste, www.maties.com, gereeld met die jongste nuus, studieloopbaanadvies sowel as inligting oor finansiële steun en huisvesting bygewerk. Digitale bystand met die aansoekproses is ook hier beskikbaar. Die Sentrum vir Studentewerwing het met die Toelatingskantoor en Regsdienste saamgewerk om die gebruik van elektroniese handtekeninge op e-aansoeke moontlik te maak. Sodoende kan aansoekers hul aansoeke dadelik voltooi, sonder om nog dokumente te moet skandeer. ’n Doelgerigte poging word aangewend om kontak te maak met toppresteerderaansoekers wie se US-aansoeke onvolledig is. Volkostewerwingsbeurse sal ook aangebied word om die **beste talent uit diverse omgewings** te werf.

Hoërskole met toegang tot aanlyn hulpbronne het toestemming verleen dat ons werwingspan hul graad 12-leerders in die kuberruimte nader. Boonop het die Sentrum met die Kaapse Loopbaanuitstallingsvereniging saamgewerk om ’n digitale bemarkingstrategie van stapel te stuur om aanlyn na die voornemende studentemark uit te reik. Ook die Sentrum se studieloopbaandienste word aanlyn gelewer.

## 1.7 Aansoeke vir 2021

Die US het **teen die einde van April 2020** in die geheel ongeveer **5% meer aansoeke** as verlede jaar dié tyd ontvang, soos die volgende grafiek toon:




Die getal **volledige aansoeke** het egter effens afgeneem, en sal in die maande wat voorlê noukeurig dopgehou word. Ons werwingspan maak tans werk van onvolledige aansoeke.

Die getal **voorlopige aanbiedinge** word beïnvloed deur die verskillende fakulteite se tydlyne. Nietemin is daar teen die einde van April 9% minder aanbiedinge as dieselfde tyd verlede jaar gemaak. Fakulteite gaan egter voort om aanbiedinge te maak, so hierdie syfer kan nog verander.

## 1.8 Kommunikasie gedurende die COVID-19-pandemie

Die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie jaag steeds die doelwitte in sy omgewingsplan van 2020 na. Nietemin moes die Afdeling weens die COVID-19-pandemie noodgedwonge sy aandag verskuif na sy belangrike rol as primêre kommunikasiediensverskaffer om bedryfsvoortsetting gedurende die krisis te ondersteun.

Weens die wêreldwye pandemie, die aanloop tot die landwye inperking, die afsonderingsmaatreëls sedert 27 Maart en die verskillende nasionale risikovlakke wat sedertdien aangekondig is, was die verslagtydperk ’n tyd van ongekende bedreigings vir ’n florerende US. **Duidelike kommunikasie** was noodsaaklik. Daarom was die strategie met die Universiteit se COVID-19-verwante kommunikasie om ’n enkele bron van betroubare inligting vir verskillende US-belanghebbendes te skep, wat terselfdertyd as ’n bewaarplek vir alle verbandhoudende mededelings dien.

Vir dié doel is ’n **spesiale COVID-19-webblad** geskep, en is skakels na die blad by etlike ander vorme van US-kommunikasie ingesluit. Die skakel is ook op die Universiteit se tuisblad aangebring, saam met ’n skakel na die regering se COVID-19-webtuiste om nasionale inisiatiewe te ondersteun. Die blad is goed ontvang, en word voortdurend bygewerk namate omstandighede en kommunikasiebehoeftes verander. Die Engelse weergawe het in die eerste maand 108 140 besoekers ontvang, van wie 39 845 die US-webtuiste die eerste keer besoek het. Die **Afrikaanse** webblad het in dieselfde tydperk 11 391 besoekers ontvang, waaronder 4 115 nuwe besoekers.

### Massaboodskappe per e-pos

Weens die aard van die COVID-19-pandemie is gereelde kommunikasie noodsaaklik om US-belanghebbendes op hoogte te hou van belangrike feite, besluite en ontwikkelings. ’n Toegewyde banier is vir alle COVID-19-verwante e-posse ontwerp.

Korporatiewe Kommunikasie het tussen 13 Maart en 18 Mei altesaam **39 massaboodskappe** per e-pos aan personeellede en studente versprei. Skakels na die boodskappe is op die COVID-19-webtuiste sowel as onder die nuusbrokkieafdeling op die US-tuisblad geplaas. Hierdie amptelike

kommunikasies is goed ontvang – die leessyfers van die e-posse was tussen 37% en 76%, wat ver bo die bedryfstandaard van 25% is.

In sommige gevalle is die boodskappe gevolg deur SMS'e wat personeellede en studente attent gemaak het op belangrike inligting in die boodskappe én op die COVID-19-blad op die US-webtuiste.

Daarbenewens is my stemboodskappe aan die studentevrywilligers in ons FGGW en aan die studente wat gedurende die inperking in koshuise agtergebly het ook versprei, tesame met videoboodskappe aan personeellede en studente (bv. *Aanlyn leer* en *Maak 'n verskil*).

Ons weeklikse elektroniese personeelnuusbrief, *info@stellenboschuni*, is tydelik gestaak omdat die inperking tot 'n afname in die vraag na kennisgewings en nuus oor geleenthede gelei het. Die weeklikse e-nuusbrief, ***nuus@stellenboschuni***, word steeds op Vrydae uitgestuur, en dien as 'n kanaal om die jongste COVID-19-verwante nuus te konsolideer.

### Sosiale media

COVID-19-boodskappe, veral dié oor akademiese aangeleenthede, word met groot belangstelling op die US se sosialemediaplatforms ontvang (Facebook, Twitter, LinkedIn en YouTube). Sedert die inperking het **reikwydte met 50% toegeneem**, wat daarop dui dat US-volgelinge sosiale media goed benut om op hoogte van sake te bly. Plasings op sosiale media word ook gebruik om boodskappe deur ander kanale te versterk en belanghebbendes na inligting op die webtuiste te verwys.

### MFM-kampusradiostasie

As deel van ons vennootskap met Stellenbosch Munisipaliteit en ons samewerking met gemeenskapsforums deur Stellenbosch Unite (**sien 3.8**) is uitsaaityd op ons kampusradiostasie, MFM, gratis beskikbaar gestel om COVID-19-inligting aan die groter Stellenbosse gemeenskap oor te dra. Die platform is ook aan die Wes-Kaapse onderwysdepartement en die munisipaliteit aangebied.

### Podsendings

Die Digitale Kommunikasie-span van die Afdeling Korporatiewe Kommunikasie het op 21 Mei die Universiteit se eie podsendingskanaal, talks@stellenboschuni, bekend gestel. Die kanaal bied US-kenners 'n platform om buite die tradisionele vorme van akademiese diskoers oor hulle werk te gesels. Die eerste reeks handel oor die impak van die COVID-19-pandemie op verskeie aspekte van ons lewens. Die reeks bestaan uit praatjies deur:

- **prof Jason Bantjes** (Sielkunde) oor geestesgesondheidsprobleme onder studente;
- **me Ilhaam Groenewald** (Maties Sport) oor die uitwerking van die inperking op sport;
- **prof Michael le Cordeur** (Opvoedkunde) oor die impak van COVID-19 op ons demokrasie en onderwys; en
- **prof Sandy Liebenberg** (Regsgeleerdheid) oor sosio-ekonomiese regte en COVID-19.




Die podsendings is op Anchor te kry, en binnekort ook op die US-webtuiste en ander podsendingsdienste.

## 1.9 US in die nuus (10 Maart–22 Mei)

Die US het, nes in Januarie en Februarie, ook in Maart en April die **meeste algemene nuusbrokkies van alle Suid-Afrikaanse universiteite** opgelewer, aldus die datastel van die mediamoniteringsagentskap PEAR.

COVID-19 het natuurlik die nuus die afgelope paar maande oorheers. Die US was in Maart en April onder die voorste drie "COVID-19-universiteitskommentators" en het hom goed van sy taak gekwyt om hom as 'n innoverende en maatskaplik verantwoordelike instelling in die media te posisioneer. Artikels soos oor die 3D druklaboratorium wat gesigskerms maak en mediese studente van Maties wat aktief by vrywilligerwerk betrokke is, het die instelling in dié tyd aan die voorpunt van hoëronderwysnarratiewe geplaas.

Die US het ook die botoon gevoer wat nuusbrokkies in die kategorie "**Navorsing en innovasie**" betref. Van die navorsingsartikels wat goed gevaar het in die media verskyn hieronder:

- COVID-19: US-navorsers gebruik ou brood om alkoholbasisreiniger te maak (Algoa FM, Cape Talk, Times Live, Briefly, Food For Mzansi, IOL)
- US-navorser veg saam teen COVID-19 (Motsweding FM, IOL, Briefly, IOL)
- 'Robot' help Tygerbergspesialiste op saalrondtes tydens pandemie (*Tygerburger*, kykNET, Voice of the Cape, IOL, *Engineering News*, Maroela Media, *Mail & Guardian*, The South African, Netwerk24, Biznews, Sowetan Live, Times Live, Popular Mechanics, *Daily Voice*, Briefly, Safrica24, EWN, capetownetc, MatieMedia)
- Insekboerdery kan die aarde 'n ruskans help gee (*Afgriland*, *NWK Arena*, *Cape Argus*, *The Star*, RSG)
- COVID-19: Wie moet eerste terugkeer skool toe? (Briefly, Radio 702, Cape Talk, Voice of the Cape, Newzroom Afrika, RSG)
- Navorsers lei ondersoek na ekonomiese impak van COVID-19 (*The Newspaper*, Businesstech, SA Life, *Cape Argus*, Cape Talk, Classic FM, Fine Music Radio, Newzroom Afrika, RSG, SABC News, *Engineering News*)
- Sukses van 'emmerbrigades' in brande hang af van waterdrukking (*Cape Argus*, *Weslander*, *Eikestadnuus*, *District Mail*)

Die artikel UWK en US isoleer Suid-Afrika se eerste laboratoriumkultuur van SARS-CoV-2 was 'n samewerkingsprojek met die Universiteit van Wes-Kaapland en het 'n aansienlike hoeveelheid dekking ontvang (Cape Talk, *Mercury*, IOL, Smile FM, Popular Mechanics, EWN, 947, Cape Talk, Radio 702, Lesedi FM, *Engineering News*).

Die Mediakantoor in Korporatiewe Kommunikasie het ook 'n **stortvloed navrae** oor die impak van COVID-19 ontvang, meestal oor bedryfsvoortsetting, studente wat in koshuise agtergebly het, internettoegang en e-leer.

Kenners van die Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe en die Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA) is oorval met versoeke vir kommentaar, onderhoude en menings. Die Mediakantoor het ook 'n lys van nie-mediese COVID-19-kenners uitgereik, wat die media ewe goed benut het.

Uit 'n institusionele oogpunt het verskeie mediaorganisasies oor die afsterwe van prof Mary-Anne Plaatjies-van Huffel berig (*Die Burger*, *Cape Argus*, *Eikestadnuus*, *Son op Sondag*, IOL, MatieMedia, SABC2, CCFM, Radio Tygerberg).

**Denkleiers:** Ons akademiese personeellede gaan voort om US-navorsing vir eksterne gehore toeganklik te maak deur denkleierskapsartikels vir The Conversation te skryf. Vyftien van ons bydraers het in die verslagtydperk 18 artikels gepubliseer, wat meer as 317 000 keer gelees is.

US-personeel en -studente het boonop weer 'n groot getal **meningsartikels, hoofartikels en rubrieke** geskryf (**sien BYLAAG**). **Marius Meyer**, 'n dosent in ons Departement Bedryfsielkunde, het sedert die aanvang van die inperking 'n daaglikse artikel oor verskillende aspekte van die koronaviruskrisis gepubliseer.

Die Mediakantoor het die media ook van **kennerslyste** in verband met Menseregtedag en Vryheidsdag voorsien.

## Biomediese Navorsingsinstituut (BMNI)

Die BMNI-projek op ons Tygerbergkampus was **grotendeels op koers**, buiten ’n geringe vertraging met betrekking tot datakabels, wat ongelukkig ’n domino-effek sal hê.

Voor die inperking het die kelderuitbreidings tussen die Kliniese en Onderwysgeboue volgens plan verloop, en het die interne afwerkings van die nuwe gebou ook goed gevorder. Die hyserinstallasies in die nuwe gebou was betyds, en indiensstelling van die hoofaanleg het begin.

Die vooraansig aan die noordekant van die gebou was reeds klaar op verdieping 2 tot 4, en werk aan verdieping 1 het begin. Werk aan die vooraansig in die ooste en weste was aan die gang. Die brûe wat die bestaande Fisan-gebou met die nuwe gebou verbind, was voltooi op verdieping 2 en 3.



*Noordelike aansig van nuwe BMNI-gebou, 24 Maart 2020.*



*Westelike aansig van die nuwe BMNI, met die brûe tussen die ou en nuwe geboue duidelik sigbaar.*

Die installering van die **Hamilton BiOS-bergingstelsel**, waarin biologiese monsters by -80 °C gestoor sal word, is op 12 Februarie voltooi. Die biobewaarplekareas sal klaargemaak word vir oorhandiging sodra die inperking eindig.

## Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou

Opknappings en vernuwings aan die Meganiese en Megatroniese Ingenieurswese-gebou **vorder fluks**. Die finale ingebruikneming en toetsing van nuwe stelsels het reeds met die aanvang van die inperking begin. Binneafwerkings was byna klaar, en meubilering was aan die gang.

Die gebou bevat ’n nuwe studenterekenaarfasiliteit met sitplek vir 311, drie nuwe elektroniese klaskamers met plek vir 469 studente altesaam, en ’n nuwe megatroniese laboratorium met 51 werkstasies. Kantore en die nagraadse area op die boonste verdiepings is ook opgeknap en verdig.

## Helshoogte

Die projek was goed op dreef voor die inperking, maar sal waarskynlik **nie** nou meer die aanvanklike **teikendatum** van 20 Januarie 2021 vir voltooiing **haal nie**.

Die infrastruktuuropknappings buite die koshuis het volgens plan verloop – die plaveisel en tuinuitleg was aan die gang, en die nuwe gryswaterstelsel was klaar en in gebruik.

Die opknapping van die ingangsportaal was voltooi en die eetsaal en gemeenskaplike areas op die vierde verdieping was volgende aan die beurt. Ons verwag vertragings met die verkryging van aluminiumprodukte vir die vensters sowel as met van die elektroniese toerusting.

## Huis ten Bosch

Toe die inperking opgelê is, was die brandbeskadigde gedeelte van die koshuis Huis ten Bosch 95% herbou. ’n Onvoorsiene ontwikkeling was dat van die houtvloere so gehawend was dat dit

verwyder en vervang moes word. Die projek in die geheel was **21% klaar** toe die koshuis vir die inperking gegrendel moes word.

## Danie Craven-stadion

Bouwerk aan die Danie Craven-stadion om gereed te wees om **Premiersokkerliga- (PSL-)wedstryde** aan te bied het in Februarie 2020 begin en sou teen 4 April klaar gewees het. Sodra die COVID-19-inperking opgehef word, sal dit ’n geskatte **agt werksdae** duur om die projek af te handel.

Met die aanvang van die inperking:

- was kleedkamers, ablusiegeriewe en tonnelareas ten volle opgeknap;
- het die administratiewe areas reeds met nuwe afwerkings gespog, is verouderde dienste opgeknap, en was die nuwe wassery byna klaar;
- was herstelwerk aan die dak van die hoofpaviljoen byna voltooi, die vloere en mure klaar geverf, en die spelersafdak en hekke op die punt om geïnstalleer te word;
- was die handrelings op die oop paviljoen reeds geïnstalleer, nuwe areas vir persone met gestremdhede klaar, en het herstelwerk aan beskadigde loopvlakke begin; en
- was die interne vouheining en eksterne grensheining klaar, en sou die nuwe sokkerdoelhokke en rugbypale sowel as draaihekke geïnstalleer word.



*Opgeknapte paviljoengang en -tonnel by die Danie Craven-stadion*

## Jan Mouton Leersentrum

Die nuwe Jan Mouton Leersentrum langs die Neelsie is **95% voltooi**, maar inperkingsverwante vertragings sal verhoed dat die fasiliteit teen die begin van die tweede semester gereed is soos ons aanvanklik gehoop het.

Die hoofkontrakteur Group Five, wat onder sakeredding is, sal die uitstaande werke voltooi sodra die inperking opgehef word. Van die groter items, soos die meganiese verkoeling- en ventilasiestelsel, is reeds in diens gestel, en is reg om aan Eiendomsdienste oorhandig te word. Die tenderproses vir meubels sal ook ná die inperking voortgaan.


*Die oostelike aansig van die Jan Mouton Leersentrum.*


*Elektroniese klaskamer word ingerig.*

## Nuwe Plaveisellaboratorium vir Siviele Ingenieurswese

Bouwerk aan die nuwe Plaveisellaboratorium is **byna klaar**. Wanneer die inperking eindig, sal dit enkele weke duur om die gebou gereed te kry vir gebruik.



*Die buitekant van die Plaveisellaboratorium soos in Maart 2020.*




*Binne-in die nuwe gebou.*

## Masjienlaboratorium en binnehof vir Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese

Bouwerk aan die nuwe Masjienlaboratorium en binnehof is klaar. Hierdie areas is **reeds** voor die inperking aan Elektriese en Elektroniese Ingenieurswese **oorhandig**.

Altesaam 27 bykomende laboratoriumruimtes is vir tutoriale en praktiese klasse geskep. Die werkbanke sal met moderne laboratoriumgereedskap toegerus word vir gebruik gedurende lesings.

Die projek het ook opknappings aan noodsaaklike dienste ingesluit, waaronder ’n nuwe varslugtoevoerstelsel en toegangsbeheerpunte, en werk aan krag- en verligtingsbane en die brandalarmstelsel.



*Die tussen- en grondverdieping van die nuwe Masjienlaboratorium.*

## 1.11 US se wateroptimaliseringsprojek internasionaal erken

Die US se wateroptimaliseringsprojek is op 14 Mei as ’n naaswenner in vanjaar se prysuitdeling van die **Internasionale Volhoubare Kampusnetwerk** (ISCN) aangewys. Die ISCN is ’n internasionale hoëronderwysforum wat instellings ondersteun om kampusbedrywighede volhoubaar te maak. Die toekenningsgeleentheid is virtueel aangebied en oor die 200 deelnemers van meer as 40 lande het ingeskakel.

Ons gryswaterstelsel en elektroniese watermeters maak deel uit van die wateroptimaliseringsprojek wat Fasiliteitsbestuur in die kategorie “Heelstelselsbenadering” ingeskryf het. Fase 1 van die **gryswaterstelsel** op ons Stellenboschkampus het daarin geslaag om sowel munisipale drinkwaterverbruik as besproeiingswatergebruik met 50% te verminder. Die stelsel behels die insameling, suiwering en hergebruik van studentekoshuise se stortwater om toilette mee te spoel. In fase 2 sal die gryswaterstelsel ook in die akademiese geboue op ons verskillende kampusse in werking gestel word. Daarbenewens is meer as 250 **elektroniese watermeters** geïnstalleer, waarmee ons nou uurlikse waterverbruik by 95% van ons geboue kan moniteer.

Die US is die eerste hoëronderwysinstelling in Suid-Afrika om ’n projek van dié aard op so ’n groot skaal te onderneem. Dit plaas die Universiteit op ’n volhoubare pad om omgewingskokke soos die onlangse ernstige multijaardroogte die hoof te bied.

## 1.12 SUNKOM

Die COVID-19-inperking het ’n nadelige uitwerking op voormalige diensafdelings van die Universiteit wat ’n ruk terug gekommersialiseer en onder die oorhoofse bestuur van SUNKOM, ’n eenheid van Innovus, geplaas is. Hierdie afdelings ontvang geen finansiële steun van die Universiteit nie en maak staat op kommersiële inkomste, wat gedurende dié tyd opgedroog het.

Die oorskakeling na aanlyn leer het ’n negatiewe invloed op **Kopieerdienste**, die kansellasie van die herfsgradeplegtighede het die **Matiewinkel** se inkomste ’n knou toegedien, en die **US Botaniese Tuin** het geen inkomste uit hekgeld, die winkel óf die restaurant nie. Daar bestaan ook kommer dat plantsorg dalk nie in dié tyd optimaal is nie, wat plantverliese tot gevolg kan hê.

Inkomste vir die **studentesentrums** op ons kampusse het eweneens gedaal omdat fasiliteite moes toemaak. SUNKOM het kommersiële huurders tegemoetgekom om hul oorlewing te help verseker, maar dié bystand is moontlik nie genoeg nie. Indien van die huurders hul deure moet sluit, sal dit moeilik wees om die leë ruimtes gedurende ’n ekonomiese resessie te vul.

Die US se nuwe Sentrale **Geleentheids- en Konferensiekantoor** het sy deure in Januarie geopen, net om in Maart deur die inperking getref te word. Die ganse geleentheidskoördineringsektor wêreldwyd steier behoorlik weens die impak van COVID-19. Nietemin het dit al voorheen vinnig herstel, soos ná die onlangse droogte in die Wes-Kaap en uitbrekings van Ebola in Sentraal- en Wes-Afrika. Dít bied darem ’n mate van hoop.

## 1.13 US se maatskappyegroep

Die impak van die COVID-19-inperking op die US se maatskappyegroep, wat onder ons bedryfsinteraksie- en innovasiemaatskappy Innovus val, is **kommerwekkend**. Sommige ondernemings het aangedui dat hulle aansienlike uitdagings ervaar om sake te doen. Nuwe beginnerondernemings met lae maandelikse onkoste (soos BioCODE, AxioVR, Sein en GeoSMART) is dalk meer veerkragtig, maar sal waarskynlik nou langer moet wag voor hulle winsgewend is. Dit is egter nog te vroeg om die volle uitwerking van die krisis op ons maatskappyegroep te bepaal.

Die Universiteitstegnologiefonds (UTF) het intussen in een van ons afwentelmaatskappye, **BioCODE**, belê en finansiering vir ’n tweede, **Phagoflux**, goedgekeur. Die UTF is ook besig met omsigtigheidsondersoeke na ’n verdere twee maatskappye. Daarbenewens voer **Susento**, wat alternatiewe proteïen uit insekte vervaardig, tans finansieringsgesprekke met ernstige beleggers.

## 1.14 Fondswerwing

Wat fondswerwingsteikens betref, was dit ’n **suksesvolle kwartaal** en het ons teen die einde van Maart R178 miljoen ingesamel.

Met betrekking tot **beursskenkings** het ons 251 transaksies beding en verwerk, wat R36 miljoen ingebring het. Bydraes wat hier veral uitstaan, is die Allan Gray Orbis-stigting wat 54 studente by die US ondersteun, die Moshal-beursprogram wat 44 ondersteun en die Dippenaar-familieonderwystrust wat 29 bystaan. Aansoeke by sektorale onderwys- en opleidingsowerhede het ons R3,8 miljoen besorg.

Nogtans is ons bekommerd dat van ons **getroue skenkers begin druk ervaar**. Bydraes vir 2020 is hetsy verlaag of onttrek weens die stand van die ekonomie, wat nou selfs swaarder trek vanweë die uitwerking van die COVID-19-inperking.

Daarom het ons heelwat moeite gedoen om verhoudings met moontlike beursskenkers te bou. Ons het nuwe bande gesmee met groot internasionale stigtings soos die **Michael & Susan Dell-stigting** (MSDF) en **Google** se **DeepMind**. Die DeepMind-vennootskap sal die US van etlike magister- en doktorale beurse in masjienleer en kunsmatige intelligensie voorsien. Ons vennootskap met MSDF sal op sy beurt ’n aansienlike hupstoot vir US-studente uit lae-inkomste-omgewings verseker: Die Dell Young Leaders-program sal oor ’n tydperk van vyf jaar ’n geskatte 1 000 Maties baat.

Ons Afdeling Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge (OAB) berei ’n beursstrategie vir filantropiese gehore voor. Hiervoor werk hulle saam met ons studentefinansieringskantore aan sowel algemene as NSFAS-spesifieke benaderings. Die OAB-span werk ook saam met verskeie US-rolspelers om ’n stel aanbiedinge en scenario’s te skep. Dít sluit in die **LaunchLab**, die **Fakulteit Natuurwetenskappe** sowel as **Maties Sport**, waar ons R4,6 miljoen van 35 nuwe skenkers bekom het.


Meer as R63 miljoen is in die eerste kwartaal van trusts, stigtings en testamentêre trusts ontvang. Aansienlike bydraes was veral dié van die Millenniumtrust, die Harry Crossley-stigting, die Doris Crossley-stigting, die Wilfred Metje-stigting, die HB & MJ Thom-trust, die Wilhelm Frank-trust, die Sheila Brand-onderwystrust, die Lombardi-trust, die GA Kuhn- testamentêre trust, die Gideon Roos-trust en die Claude Leon-stigting.

Ons is **baie dankbaar** vir alle bystand.

## Fondswerwing te midde van COVID-19

Die plaaslike en internasionale ekonomiese insinking weens die COVID-19-pandemie, en dít boonop op die hakke van Suid-Afrika se **afgradering na rommelstatus**, sal heel waarskynlik ’n direkte en nadelige uitwerking op ons fondswerwingsomgewing hê. Ons voorsien dat ons die nagevolge nog ’n geruime tyd sal voel.

Nietemin het ons **vyf kerngebiede** (sien die illustrasie hierlangsaan) geïdentifiseer wat steeds finansiële bystand van ons skenkergemeenskap vereis, en trouens in die lig van die pandemie nou selfs dringender is. Op grond van hierdie vyf gebiede word ons COVID-19-solidariteitsversoek soos volg aangebied:




1. **Digitale toegang**: Opnames het getoon dat baie van ons studente nie oor die nodige toerusting vir aanlyn leer beskik nie. Ons het skootrekenaars gekoop vir diegene wat dit nodig gehad het, en voorsien ook data aan al ons studente. Dít is egter duur, so ons rig ’n oproep om bydraes om ons die digitale kloof in ons land te help oorbrug.
2. **Voedselsekerheid**: Met die veldtog #Move4Food het ons die afgelope drie jaar goeie vordering gemaak om hongersnood op ons kampusse te bestry (klik hier vir ’n omvattende verslag). Nou moet ons hierdie vordering konsolideer. Die COVID-19-inperking plaas selfs

meer klem op die belang van voedselsekerheid vir ons kwesbaarste studente en hulle gesinne. #Move4Food is ’n kragtige weerspieëling van ons toewyding aan die toekoms van ons land namate ons saam vorentoe beweeg.
3. Die **US se gesondheidsorgwerkers** veg in die voorste linie teen die pandemie en vereis ondersteuning in die vorm van persoonlike beskermingstoerusting, kosstasies, logistieke bystand, ensovoorts.
4. As ’n toonaangewende navorsingsintensiewe universiteit, bestry die US COVID-19 met die beste wapen wat ons het – betroubare en wetenskaplike kennis. Die US-gemeenskap het met indrukwekkende **navorsings- en innovasiewerk** op die krisis gereageer (**sien 5.1** en klik hier vir ’n omvattende verslag). In ons versoek rig ons dus ’n oproep om toenemende steun vir die skep van kennis “tot diens van die samelewing”, wat met ons Visie 2040 strook.
5. Les bes is ons deel van Stellenbosch Unite, ’n vennootskap wat hom vir ’n **positiewe impak op ons omliggende gemeenskap** beywer. Een van ons projekte is om kospakkies aan huishoudings in nood te voorsien, welke behoefte aanhou toeneem namate die sosio-ekonomiese impak van die pandemie vererger. Ons vra daarom vir solidariteit om ons plaaslike gemeenskap deur die krisis te help dra.

Die US se COVID-19-fondswerwingsveldtog is op 5 Mei van stapel gestuur om saam te val met #GivingTuesdayNow, ’n internasionale dag van skenking en eenheid wat ontstaan het as ’n noodreaksie op die ongekende behoefte as gevolg van die pandemie. Versoeke is per e-pos, op sosiale media en op die US-webtuiste aan personeellede, studente, alumni, skenkers en vriende van die Universiteit gerig, en ons doen opvolgwerk om momentum te behou. Skenkings is belastingaftrekbaar en kan regstreeks op die Universiteit se webtuiste gemaak word, of op die GivenGain-platform, ’n bykomende veilige aanlyn skenkingsmeganisme.

## 1.15 Strategiese Fonds

Die US het in 2019 altesaam R339 miljoen beskikbaar gestel aan die Strategiese Fonds – die meeste tot nog toe – wat enige moontlike twyfel uit die weg ruim oor die instelling se toewyding daaraan om sy nuwe visie en strategie te verwesenlik.

Hierdie geld is tussen drie kategorieë verdeel – R264 miljoen vir kategorie A (strategiese inisiatiewe), R30 miljoen vir kategorie B (strategiese uitstyg- en openbaremeningsprojekte) en R45 miljoen vir kategorie C (strategiese aanstellings). Alle geld in kategorie B is toegeken, maar in kategorieë A en C het daar geld oorgebly (onderskeidelik R14,9 miljoen en R9,6 miljoen), wat na 2020 oorgedra is. ’n Paar nuwe projekte in hierdie kategorieë kon dus **vanjaar** oorweeg word, al moes die US die gewone Strategiese Fonds-toekenning uit die hoofbegroting hertoewys aan die institusionele gebeurlikheidsfonds om die uitdagings verbonde aan die COVID-19-pandemie te help hanteer.

Dertig kategorie A-aansoeke ter waarde van R107 miljoen is op 22 April 2020 oorweeg, waarvan 11 uiteindelik na rondte 2 deurgedring het. ’n **Finale besluit** oor dié aansoeke sal **in Junie** geneem word. Nege kategorie C-projekte ter waarde van R21,3 miljoen is op 24 April vir finale goedkeuring oorweeg, en sewe projekte was **suksesvol**.


## 1.16 Universiteit Stellenbosch-telkaart

Om tred te hou met die US se vordering in die strewe na Visie 2040, wat ons in 2018 aanvaar het, het ek my die afgelope tyd beywer vir ’n tipe **“enkelbladpaneelbord”** wat ’n mens met een oogopslag wys hoe die instelling met sy doelwitte vaar. Vir dié doel is die Afdeling Inligtingsoorsigbestuur (IOB) versoek om ’n telkaart vir die Universiteit te ontwikkel om die instelling se vordering met die doelwitte in ons Strategiese Raamwerk 2019–2024 te moniteer. Die telkaart modelleer en hou tred met die nuwe **strategiese bestuursaanwysers (SBA’s**) aan die hand van teikens vir 2024.

Prestasiebestuur is kompleks, en om ’n gewig toe te ken aan elk van die prestasieaanwysers om ’n saamgestelde telling te bereken vereis verskeie kernbelanghebbendes se deelname. Nietemin het IOB daarin geslaag om ’n **innoverende bestuursinstrument** te ontwikkel, wat op 31 Maart deur die Rektoraat aanvaar is.


Die US-telkaart is ’n saamgestelde indeks. Verskillende gewigswaardes word aan SBA’s, institusionele doelstellings, aanwysers en maatstawwe toegeken, wat alles die Universiteit se **algehele saamgestelde doeltreffendheid** beïnvloed. Doeltreffendheid druk gewoon die mate van vordering in die rigting van doelwitte uit.

Die telkaart begin met **lyngrafiekvisualiserings** van beskikbare historiese waardes en toekomstige teikens. Die figuur hieronder toon byvoorbeeld die visualisering van kern strategiese tema 5, “Navorsing vir impak”. Vorige waardes word met ’n blou lyn aangedui, en toekomstige teikens met ’n geel lyn.





**Aanwysers en maatstawwe** het in die meeste gevalle waardes vir die tydperk 2014–2019 en teikens vir 2020–2024. Hoewel party aanwysers en maatstawwe van die verskillende SBA’s dalk vir sommige jare waardes en/of teikens kortkom, is daar in alle gevalle teikens vir 2024, buiten SBA 4, genetwerkte en samewerkende onderrig en leer, wat nog ontwikkel word.

**Prestasieaanwysers** word deur radiaalmetergrafieke (sien hieronder) voorgestel, wat die US se vordering met sy teikens toon. Twee soorte grafieke word gebruik, naamlik positief en negatief. Dít is omdat van die aanwysers en maatstawwe (soos deursetsyfers) gemaksimaliseer en ander (soos uitgawes) geminimaliseer moet word.





"**Doeltreffendheid**" is die mate waarin die teiken bereik word. Die telkaart bevat saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe, wat bereken word deur verskillende gewigswaardes aan prestasieaanwysers toe te ken na gelang van hul prioriteit. Die verskillende gewigswaardes van die verskillende prestasieaanwysers is veranderlikes wat die saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe beïnvloed, wat op hul beurt die US se algehele prestasie beïnvloed.

Voorlopig word **gelyke gewigswaardes** aan alle SBA's toegeken (want nie een kern strategiese tema geniet tans voorrang bo 'n ander nie), buiten SBA 4, waaraan 0% gewig toegeken is omdat dit nog nie enige waardes en/of teikens het nie. Die telkaart delf dan dieper tot by die **institusionele doelstellings** (d.w.s. die tweede vlak van prestasieaanwysers) sowel as die **aanwysers en maatstawwe** (d.w.s. die derde vlak). Die figuur hieronder illustreer hierdie uiteensetting vir "Navorsing vir impak".





Alle aanwysers en maatstawwe dra tot die gekombineerde, oorhoofse kern strategiese temas van die US by. Die volgende figuur beoordeel die **saamgestelde doeltreffendheid** van die Universiteit in die geheel en van elke kern strategiese tema aan die hand van waardes van sowel 2018 as 2019 vergeleke met teikens vir 2024. Die blou stawe stel die saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe op grond van die waardes van 2018 en teikens van 2024 voor, en die geel stawe die saamgestelde doeltreffendheidsmaatstawwe op grond van die waardes van 2019 en teikens van 2024.




Die figuur dui op **algehele doeltreffendheid van 72,4%** vir die Universiteit op grond van waardes van 2018 (in rooi omkring regs bo), en 71,5% vir SBA 5 ("Navorsing vir impak") (in rooi omkring laer af). Dít beteken dat die US in die geheel 72,4% gevorder het met die doelwitte wat in die Strategiese Raamwerk 2019–2024 gestel is. (Let wel dat 2019 'n laer syfer het omdat al die data nog nie beskikbaar is nie, en ontbrekende waardes se bydrae word op nul bereken.)

Die figuur hieronder delf dan dieper tot by die institusionele doelstellings en die aanwysers en maatstawwe vir "Navorsing vir impak".




Dit dui op doeltreffendheid van 68,2% vir die institusionele doelstelling "Verhoog navorsingsteun" (in rooi omkring regs bo), en 73,2% vir die maatstaf en aanwyser "Gemiddelde getal magistergraduandi per akademiese personeellid per jaar" (in rooi omkring laer af).

Deur saamgestelde doeltreffendheid aan te dui, bied die telkaart 'n algehele indruk van die Universiteit se prestasie op kerngebiede van die instelling, sowel as op laer vlakke, wat uiters waardevol sal wees om die **US se vordering te moniteer**. Saamgestelde doeltreffendheid kan ook oor tyd beoordeel word.

## 1.17 Stelselvernuwing

Die proses om oor te skakel van twee verouderde US-inligtingstelsels – die finansiële stelsel en die studente-inligtingstelsel – na hulle nuwerwetse plaasvervangers, onderskeidelik SUNFin en SUNStudent, is op dreef. Die doel is om **beter dienste** deur moderne koppelvlakke te voorsien.

### SUNFin

Die SUNFin-projek het vir die grootste gedeelte van die eerste kwartaal fluks gevorder totdat ’n onvoorsiene kwessie met van die datastelle ’n **twee weke lange vertraging** veroorsaak het. Dit is egter nou uitgestryk en alles word in die stryd gewerp om die verlore tyd in te haal.

Die **landwye COVID-19-inperking** het óók projekimplementering beïnvloed aangesien sommige SUNFin-spanlede hul aandag na die US se bedryfsvoortsettingspogings en aanlyn leerplatform moes verskuif. Dít laat hulle vanselfsprekend met minder tyd om aan SUNFin te werk.

Noudat almal van die huis af werk, sal oorsigwerksessies en projekbekendstellings **aanlyn** moet plaasvind, wat vir alle betrokkenes ’n uitdaging sal wees. Ook Oracle Guided Learning, die aanlyn opleidingsinstrument wat SUNFin-implementering ondersteun, sal virtueel aangebied moet word.

**Algehele projekstatus** is nou **verkeerslig-oranje**, wat beteken projekvoltooiing teen die teikendatum is moontlik in gevaar. Nietemin bly spanlede daartoe verbind om die beoogde aktiveringsdatum van 4 Januarie 2021 te haal.

Besoek die SUNFin-blad op die US-webtuiste vir verdere besonderhede.

### SUNStudent

Die bloudrukdokumente vir die fase 1-funksies wat na verwagting **in die eerste kwartaal van 2021 geaktiveer sal word**, is teen die einde van Maart goedgekeur. Dít sluit in aansoeke/toelatings, werwing en handboekbestellings. Twee aanlyn geleenthede is aangebied om dié mylpaal te vier.

Die volgende stappe in die proses is om meesterdata te laai om bogenoemde funksies te ondersteun, om die vereiste integrasie by ander US-stelsels te bewerkstellig, en om opleidingsmateriaal voor te berei. Diensverskaffer Serosoft het in April hiermee begin. Proef-, toetsings- en opleidingsaktiwiteite word vir Augustus beplan. Fase 2 en 3 moet onderskeidelik teen die einde van Junie en Augustus goedgekeur word.

Besoek die SUNStudent-blad op die US-webtuiste vir verdere besonderhede.

Let asseblief daarop dat die Rektoraat besluit het om **Studente-inligtingstelselondersteuning (SISO)** met ingang van 1 Maart vanaf IOB **na die Registrateursafdeling** te skuif. Die registrateur van ’n hoëronderwysinstelling is in wese die kurator van “die studenterekord”, ’n funksie wat ten nouste met die inligting in die studente-inligtingstelsel (SIS) saamhang. SISO ondersteun alle bedryfs- en administratiewe prosesse in die Registrateursafdeling, wat die grootste enkele US-gebruiker van die SIS is. Die skuif is boonop ’n logiese gevolg van die SUNStudent-implementeringsprojek: Die Registrateur dien as eienaar van die SUNStudent-projek, terwyl die personeel van SISO (saam met kollegas van IT) die kernimplementeringspan uitmaak.

## 1.18 Webtuisteherontwikkeling

Die navorsingsfase van die US se webtuisteherontwikkelingsprojek, wat deur Korporatiewe Kommunikasie bestuur word, is in April afgehandel en ’n verslag is op 2 Junie aan die Rektoraat voorgelê. Die Rektoraat het die navorsingsverslag aanvaar en in beginsel sy steun uitgespreek vir die implementering van die volgende stappe in die proses om die webtuiste te herskep.

Die verslag bied belangrike insigte vir die webtuisteherontwikkelingstrategie. Dit sal ook die opdrag bepaal vir die webtuisteherontwerpdiensverskaffer, wat deur ’n tenderproses bekom sal word.

Die verskaffer sal na verwagting teen die einde van die jaar aangestel word sodat die tegniese webtuisteontwikkeling en inhoudskepping teen vroeg volgende jaar kan begin. Die plan is om die **primêre navigasie-elemente** gereed te hê vir **bekendstelling teen die einde van 2021**.

## 1.19 Virtuele IT-dienskantore

Ons Afdeling strategiese IT werk die afgelope tyd aan ’n platform vir ’n US-wye virtuele dienskantoorstelsel. (’n Virtuele dienskantoor bied kliëntegerigte IT-dienste en tegniese steun van gehalte, en dien sodoende as enkele kontakpunt vir fakulteite, personeellede en studente om versoeke te registreer, navrae te rig en voorvalle aan te meld.)

Vir dié doel is IT se kliëntekoppelvlak bygewerk om ’n aantal van ons professionele administratiewe steundienste- (PASD-)omgewings in te sluit. Ál hierdie dienskantore – met nóg wat kom – is gegrond op pasgemaakte steun- en werksprosesse, en ’n wye verskeidenheid rolspelers wat kliënte bedien.

As deel van voorbereidings om personeellede in staat te stel om van buite die kantoor te werk, het die Afdeling IT ook ’n spesiale versoektipe, “Remote access” (“Afstandstoegang”) geskep. Dít het ’n vinniger roete vir gebruikerversoeke voorsien, met voorrang aan personeellede wie se toestelle opgestel moes word om van die huis af te werk.

## 1.20 Data- en inligtingsklassifikasieraamwerk

Inligtingsoorsigbestuur het in die laaste kwartaal van 2019 en die eerste van 2020 die volgende drie belangrike konsepdokumente vir beoordeling en bespreking deur die Tegnologie- en Informasiekomitee opgestel:

- ’n Toegangsklassifikasieraamwerk vir data- en inligtingsekuriteit
- ’n Data- en inligtingsoorsigbestuurwoordelys
- ’n Data- en inligtingsdomeinmodel vir die US

Die Afdeling berei tans die klassifikasieraamwerk voor vir wyer oorlegpleging én moontlike posisionering as ’n institusionele reglement. Dit is bedoel om die bestaande institusionele Rekordbestuursbeleid, die regulasies oor dataprivaatheid, informasiesekuriteit en tussentydse toegang sowel as die konsepregulasies oor navorsingsdatabestuur te ondersteun.

## 1.21 Handelsmerkposisioneringstrategie en bygewerkte visuele identiteit

Die verantwoordelikheidsentrum (VS) Strategie en Internasionalisering het die vorige Senaatsvergadering van terugvoer oor die ontwikkeling van die Universiteit se handelsmerkposisioneringstrategie en bygewerkte visuele identiteit voorsien. Dít was nadat ’n raakpuntoudit in 2018 en ’n handelsmerkwaardasie en -opvattingsoudit in 2019 voltooi is.

**Prof Hester Klopper** het op 6 April ook ’n vorderingsverslag aan die Raad voorsien. Ná ’n proses van gesprekvoering is die finale handelsmerkstrategie op **2 Junie** aan die **Rektoraat** voorgelê. Dit het ingesluit die handelsmerknarratief en bygewerkte visuele identiteit op grond van ’n monolitiese handelsmerkontwerp volgens die Rektoraat se vorige riglyne.

Die Rektoraat het goedkeuring verleen vir die voorgestelde nuwe visuele-identiteitsontwerp, wat die volgende insluit:

- Die **handelsmerknarratief**
- Die **behoud van die seremoniële wapen**, met die volgende aanpassings:
  - Dat die rooi na maroen verander word
  - Dat die hand en fakkel verwyder word
  - Dat alle ikone in wit vertoon word
- Die **bygewerkte institusionele handelsmerkwapen (of “institusionele logo”)**
- ’n **Monolitiese handelsmerkontwerphiërargie** wat uit **vier vlakke** bestaan

Die nuwe institusionele handelsmerkwapen is modern en gestroomlyn, maar bevat terselfdertyd sterk verwysings na die Universiteit se seremoniële wapen. Uit ’n pragmatiese oogpunt is die **bygewerkte institusionele handelsmerkwapen** met die hedendaagse dinamiese en veeleisende digitale omgewing in gedagte geskep.

Die einddoel is om die US in pas met ***Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*** te herposisioneer. Die simboliek van die **tydlose** ikone wat behou is, sal uitgebrei word om die US van die **toekoms** uit te beeld. Die nuwe ikone wat bykom, sal die instelling se posisionering in die 21ste eeu beklemtoon, dog ook historiese bande erken.

Die finale handelsmerkstrategie en bygewerkte visuele identiteit sal by hierdie Raadsvergadering ter tafel gelê word.

# TEMA 2 : ’n TRANSFORMERENDE STUDENTE-ERVARING

Ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* lui soos volg oor **’n transformerende studente-ervaring**: “Met hierdie voorneme wil ons toesien dat die US toeganklik is vir kwalifiserende studente uit alle agtergronde, met inbegrip van studente wat hindernisse vir deelname aan universiteitsonderwys ervaar. Ons beskou dit as ’n reis – van ons eerste kontak met voornemende studente totdat hulle afstudeer en die rol van alumni vervul.” Dit behels ook “die voorsiening van groeigeleenthede aan alle voor- en nagraadse studente, wat insluit leiding, steun en dienste deur die US om studentesukses te verseker”.

## 2.1 Steun vir ons studente gedurende die COVID-19-pandemie

Terwyl die wêreldwye stryd teen die COVID-19-pandemie voortwoed, moes hoëronderwysinstellings met innoverende maniere vorendag kom om te sorg dat studente hul studies suksesvol voltooi. Binne die perke van die algehele inperking wat die Suid-Afrikaanse regering afgekondig het, het die US verskeie maatreëls getref om ons studente te ondersteun. Alle tersaaklike inligting in hierdie verband is op ’n toegewyde blad op die US-webtuiste beskikbaar gestel. ’n Paar van dié inisiatiewe word hieronder uitgelig.

### Aanlyn leer

Die opskorting van kontakonderrig-en-leer vanweë die COVID-19-pandemie en die inperking het ’n verskuiwing na aanlyn platforms genoodsaak. Dít is om toe te sien dat ons die akademiese jaar 2020 voltooi en dat ons studente nie ’n akademiese semester of selfs die hele jaar verloor nie.

Aanlyn leer is amptelik op Maandag 20 April deur middel van ons SUNLearn-platform in werking gestel. ’n Toegewyde webtuiste is ontwikkel en met allerlei inligting, handleidings en gereedskap gelaai om studente met die oorgang van klasgebaseerde tot aanlyn leer by te staan. Klik hier vir verdere inligting, en **sien ook 4.2** hieronder.

Die eerste **eksamenreeks** sou op 8 Junie begin, en die tweede is geskeduleer om op 27 Junie ’n aanvang te neem. (Die tweede eksamenreeks handel oor dieselfde modules as die eerste om voorsiening te maak vir studente wat probleme ondervind het om eksamens in die eerste reeks af te lê.) Alle assessering geskied tans **aanlyn**.

Studente wat om baie spesifieke redes nie semester 1 aanlyn kan voltooi nie, sal alle eerstesemestermodules in semester 2 deur ’n **hibridiese model** kan herhaal, met ’n bykomende eksamengeleentheid in Januarie 2021.

### Skootrekenaars

Die Universiteit het 1 728 **skootrekenaars** aangekoop om aan studente te leen. Die resultate van ’n studenteopname, antwoorde op SMS’e wat aan studente gestuur is, antwoorde wat die Kontak- en Kliëntedienssentrum ontvang het sowel as terugvoer van die fakulteite en Nagraadse Kantoor is alles

gekonsolideer om ’n lys op te stel van studente aan wie dié rekenaars gevolglik beskikbaar gestel is. Nadat alle studente op die lys genoeg tyd gegun is om te reageer, het die Universiteit voortgegaan om die aanbod vir alle ander studente oop te stel.

## Data en gratis toegang

Benewens die skootrekenaaraanbod en die bedinging van gratis toegang tot die US se akademiese platforms (d.w.s. webtuistes wat met www.sun.ac.za verband hou), het die US vir Mei en Junie 2020 databundels van verskillende diensverskaffers bekom. Die presiese metode van datavoorsiening aan studente sal van maand tot maand herevalueer word.

## Akademiese steun

Ons het gesorg dat studente gedurende die nasionale inperking steeds toegang tot ’n wye verskeidenheid akademiese steundienste geniet. Ons virtuele platforms bied wenke vir aanlyn leer, toegang tot die Biblioteek- en Inligtingsdiens, en inligting oor aanlyn konnektiwiteit en studente-administrasie.

## Steun vir VGP-studente en hul mentors

Die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het ’n opvoedkundige sielkundige en ’n geregistreerde voorligter aangestel om studente in verlengde graadprogramme (VGP’s) te ondersteun. Hierdie nuwe aanstellings lewer sedert Januarie gratis individuele en groepkonsultasies met die oog op akademiese vaardigheidsontwikkeling, psigoterapie en loopbaanvoorligting. Aanlyn steungroepe vir mentors van VGP-studente word ook sedert die aanvang van die inperking gebied.

## Nagraadse studente

Die US se Nagraadse Kantoor (NK) integreer voortdurend tersaaklike leerkursusse, vermoëbouwerksessies, seminare en groepinteraksies by sy gewone aanbod om nagraadse studente te help beheer neem oor hulle navorsingsreis.

Dít is voortgesit selfs nadat die COVID-19-inperking opgelê is. Die NK het ’n aantal nuttige wenke en hulpbronne opgestel om studente aan te spoor om gedurende die krisis vasbeslote met hul studies voort te gaan. Studente het ook toegang tot bykomende aanlyn hulpbronne in die NK se aanlyn opleidingsmodule op SUNLearn.

Ons het reëlings getref vir **magister- en PhD-kandidate** wat op koers was om in Desember 2020 of Maart 2021 te gradueer, maar tyd verloor het omdat hulle nie gedurende die inperking toegang tot primêre of sekondêre bronne kon bekom nie. ’n Spesiale sperdatum van **1 Maart 2021** is vir die indiening van tesisse en proefskrifte goedgekeur. Kandidate wat ná oorlegpleging met hul studieleier of promotor kies om hiervan gebruik te maak, sal weer vir die akademiese jaar 2021 moet registreer. Nietemin sal hulle nie met die oog op 2021 vir daardie graad klasgeld hoef te betaal nie.

## Hertoelating in 2021

Die US het besluit dat alle studente wat in 2020 ingeskryf is, in 2021 hertoelating tot hulle akademiese programme sal ontvang. Studente sal dus nie volgende jaar verhoed word om hul studies voort te sit nie, **ongeag akademiese prestasie**. Hierdie reëling is egter nié van toepassing op studente wat in vorige jare akademies uitgesluit is nie, wat steeds vir 2021 om hertoelating sal moet aansoek doen.

## Studente wat in US-koshuise agtergebly het

Ná die aankondiging op 15 Maart dat ’n nasionale inperking opgelê sou word, het die Universiteit studente versoek om koshuise te ontruim en vir die reses huis toe te gaan. **Meer as 700** studente het

in koshuise agtergebly, en is gevra om aan streng higiëneprotokolle en ander inperkingsregulasies te voldoen.

Ons Afdeling Studentesake bied hierdie studente **verskeie vorme van steun** deur die Sentrum vir Studentegemeenskappe en die SSVO. WhatsApp-groepe is gevorm om in verbinding te bly.

**Voedselhulp** op Stellenboschkampus het aanvanklik uit die voorsiening van droë etebestanddele en kospakkies via koshuishoofde bestaan. Spysenieringsdienste het ook produkte in die koshuiskombuise vir studente se gebruik beskikbaar gestel. Studente is van kosbereidingstoerusting voorsien, wat op aangewese punte in koshuise opgestel is. Studente by Tygerberg is via die TygerMaties-klusterkantoor met koskoepons bygestaan. Die kantoor van die Visedekaan: Sosiale Impak en Kliniese Opleiding het studente ook deur die bestaande spensprojek en verskeie ander skenkings ondersteun. Ons is dankbaar teenoor al die geloofsgebaseerde en gemeenskapsorganisasies wat bykomende kospakkies geskenk het.

Ons **kampuskosdiensverskaffers het op 11 Mei weer begin etes voorsien** nadat die inperking tot vlak 4 verslap is. Daarmee kon studente weer op die bestaande stelsel begin etes bespreek. ’n Beperkte getal kampuskombuise is oopgemaak en etes word by studente in hulle koshuise afgelewer om aan die regulasies te voldoen.

## Reëlings vir terugkeer van studente

Die US het reeds in die week van 11 Mei **finalejaar- mediese studente** suksesvol na Tygerbergkampus en -koshuise laat terugkeer. Dié studente het ’n selfafsonderingstydperk voltooi en daarna hulle praktiese opleiding in onder meer Tygerberghospitaal hervat.

Dr Blade Nzimande, Minister van Hoër Onderwys, Wetenskap en Tegnologie, het op 23 Mei aangekondig dat **tot 33%** van studente op **vlak 3** van die COVID-19-inperking (wat op 1 Junie begin het), na kampusse kon terugkeer. Dít sou insluit studente wat reeds teruggekeer het, sowel as finalejaarstudente wat toegang tot laboratoriums, tegniese toerusting en data vereis om later vanjaar te kan gradueer.

Die eerste stap om hiervoor voor te berei was om te bepaal watter studente eerste moes terugkeer, en om die kampus gereed te kry om hulle te ontvang. Studente is in kennis gestel dat niemand na die kampus of koshuise moes terugkeer voordat **die Universiteit hulle so ingelig** het en die nodige **reispermitte** uitgereik is nie.

Die **meeste studente** sal egter eers ná die twee eksamengeleenthede van die eerste semester en die daaropvolgende reses na die kampus en koshuise kan begin terugkeer.

## Aanlyn voorligtingsdienste

Die SSVO funksioneer sedert 17 Maart aanlyn, wat beteken dat geen personeellede by die Sentrum se kantore op hetsy Stellenbosch- of Tygerbergkampus aanwesig is nie. Nietemin het alle voorligtingsessies hetsy **virtueel, telefonies of elektronies** voortgegaan, na gelang van wat die studente verkies. Aangesien sommige studente byvoorbeeld nie tuis veel privaatheid het nie, verkies hulle e-poskommunikasie vir navrae oor akademiese steun of ander, neteliger kwessies. SSVO beleef tans ’n **toename in nuwe kliënte**.

## Steun vir studente met gestremdhede

Die Eenheid vir Gestremdhede (EG) in die Sentrum vir Studentevoorligting en -ontwikkeling (SSVO) het kontak gemaak met studente met gestremdhede wat nie op e-posse gereageer het nie, om hul internetkonnektiwiteit, hulptegnologiebehoeftes en gereedheid vir aanlyn leer te bepaal. Die Eenheid werk ten nouste saam met die rekenaargebruikersarea HUMARGA om toe te sien dat studente oor die nodige harde- en sagteware beskik om doeltreffend aanlyn te funksioneer. Hierdie projek is ondersteun deur finansiering wat **Eerste Nasionale Bank (FNB)** beskikbaar gestel het.

### Studenteleiers

Die Sentrum vir Studenteleierskap en -strukture werk sy aan sy met strukture wat US-studente verteenwoordig. Die Kantoor het met die landwye inperking daarop gekonsentreer om ’n gekoördineerde en responsiewe aanlyn strategie te skep aangesien studenteleiers op verskillende plekke deur die hele land versprei is. Belangrike vergaderings en oorlegpleginsessies, soos die vergadering tussen die Uitvoerende Komitee van die SR en die Rektoraat, het met behulp van die **Microsoft Teams-platform** in die kuberruimte voortgegaan. Die SR-voorsitter, mnr Lewis Mboko, verteenwoordig studente boonop in die IKBV, wat óók sy werksaamhede aanlyn verrig.

### Internasionale studente en US-studente oorsee

Weens die impak van die COVID-19-pandemie het US Internasionaal se Global Education Centre (GEC) strategieë en planne ontwikkel om internasionale semesterstudente by die US sowel as US-studente oorsee te ondersteun. Die hoofdoel was om kommunikasiekanale oop te hou en in hierdie uitdagende tyd deernis te toon en buigsaam te wees.

**Internasionale semesterstudente** by die US het gereelde nuusflitse ontvang gebaseer op institusionele kommunikasies. Nuusflitse is per e-pos gestuur en op US Internasionaal se webtuiste en SUNLearn geplaas. Die kantoor van die Viserektor: Strategie en Internasionalisering het ook op 7 Mei ’n mededeling na hierdie studente se tuisinstellings gestuur om oor te dra wat die US doen om die gesondheidskrisis te bestuur en te help hanteer. Die hoofde van internasionale vennootuniversiteite is veral ook in kennis gestel van die maatreëls wat die US getref het om internasionale studente se veiligheid te verseker en hulle van die nodige steun te voorsien.

Ook **US-studente oorsee** het nuusflitse ontvang, en is boonop by aanlyn groepgespreksessies betrek. Om hierdie studente te ondersteun, het die GEC met verskeie eksterne belanghebbendes geskakel, waaronder die Departement van Internasionale Betrekkinge en Samewerking, die DHOO, die Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika (IEASA), vennootinstellings en privaat diensverskaffers. Die benadering was om studente aan te moedig om oordeelkundige besluite te neem op grond van die inligting wat hulle van hulle gasheerinstellings, die Suid-Afrikaanse regering en die US ontvang.

## 2.2 Studentesport en COVID-19

Hoewel dit in baie opsigte teleurstellend is dat die **Olimpiese en Paralimpiese Spele in Tokio** weens COVID-19 tot volgende jaar uitgestel is, is dit dalk ook ’n bedekte seën. Van ons studenteatlete het aangedui dat hulle die geleentheid verwelkom om hulle verder voor te berei. Met die ekstra tyd kan hulle boonop nou **meer tyd voor die boeke** deurbring om hulle werklas later te verlig.

Nietemin is die uitstel slegte nuus vir diegene wat van plan was om ná die spele vanjaar uit te tree. Nóg ’n groot bekommernis is die **finansiële implikasies**, wat bykomende druk op Universiteitshulpbronne plaas om na ons Olimpiese en Paralimpiese kandidate om te sien.

**Varsity Sport**-organiseerders het besluit om alle toernooie – rugby inkluis – vir die res van die jaar op te skort nadat belanghebbendes dit eens was dat normale sport waarskynlik nie in 2020 sal hervat nie. Indien spelers nie vanjaar geleentheid ontvang om sake vir die Varsitybeker en -skild uit te spook nie, sal die toernooie onvoltooid verklaar word, sonder ’n algehele wenner.

Studente kon dalk nie onder vlak 5 van die inperking voluit oefen nie, maar is wel **op hul tone** gehou deur Maties Sport se sosialemedia- en WhatsApp-kanale. Bestuurders en afrigters het spansamehorigheid gehandhaaf deur motiveringsboodskappe en fiksheidwenke uit te stuur.

## 2.3 US se SR nou deel van SAUS

Ons SR is nou amptelik deel van die Suid-Afrikaanse Unie vir Studente (SAUS), wat studenteleiers ’n platform bied om ondermeer die land se studente in samesprekings met die DHOO te

verteenwoordig. Die besluit om by SAUS aan te sluit is by wyse van WhatsApp-stemming geneem aangesien ’n kontakvergadering onmoontlik was weens die inperking. Lidmaatskap van die unie stel die SR in staat om aan landwye gesprekke oor studenteverwante aangeleenthede deel te neem.

## 2.4 Eerstejaarsprestasietoekennings

Die prestasies van die topeerstejaars van die akademiese jaar 2019 is op 20 Mei in die kuberruimte gevier toe die jaarlikse Eerstejaarsprestasietoekennings weens die COVID-19-inperking aanlyn aangebied is. **Prof Arnold Schoonwinkel**, Viserektor: Leer en Onderrig, het as gasheer opgetree en **prof Thuli Madonsela** as gasspreker.

Dekane, visedekane en ander personeellede het ook ingeskakel, waaronder dosente wat deur die studente self benoem is vir hulle positiewe invloed op die eerstejaarsleerervaring. In ’n brief aan ’n dosent skryf een van die studente: “Ek hoop om wat ek in u lesings geleer het met my saam te neem en eendag dieselfde **passie vir my loopbaan** uit te straal as wat u vir u werk het.” En een van die dosente het geskryf: “Dít is waaroor klasgee gaan – dis ’n leerervaring vir sowel student as dosent.”

Klik hier vir die name van al die studente en dosente wat vereer is.

## 2.5 Gesamentlike werkgroepe teen geslagsgebaseerde geweld

Terwyl ons met die COVID-19-pandemie worstel, bly die stryd teen geslagsgebaseerde geweld ’n prioriteit. Die ses gesamentlike werkgroepe wat verlede jaar by die US saamgestel is, het op 18 Mei hulle werk aanlyn hervat. Elk van die groepe staan onder leiding van ’n lid van die Rektoraat en sluit verteenwoordigers in van die mees relevante Universiteitstrukture vir die betrokke onderwerpe, sowel as van die studentegemeenskap. Ons senior direkteur van Studentesake, **dr Choice Makhetha**, koördineer die proses.

Om toegang tot die werkgroepe te verbreed, is studente en personeellede genooi om skriftelike kommentaar by die onderskeie voorsitters in te dien. Hulle is soos volg:

- Waardes en beginsels: Me Monica du Toit
- Veiligheid en sekuriteit: Dr Viljoen van der Walt
- Opleiding en bewusmaking: Me Tonia Overmeyer
- Koshuise en strukture: Me Ruth Andrews
- Prosedures en prosesse: Me Felicia van Rooi
- Geestesgesondheid en alkohol- en middelmisbruik: Dr Munita Dunn-Coetzee

Personeellede en studente is in kennis gestel dat geslagsgebaseerde geweld of enige vorm van onbillike diskriminasie, teistering of mishandeling aangemeld kan word deur ’n e-pos na unfair@sun.ac.za te stuur.

## 2.6 Transformasiegerigte skryfwerk, navorsing en skakeling

Ter viering van **Vryheidsdag** het die US se Transformasiekantoor (TK) ’n reeks kort video’s saamgestel en geplaas waarin Suid-Afrikaners besin oor die vrae “Wat beteken vryheid vir jou?” en “Wat is jou gedagtes oor vryheid in hierdie inperkingstyd?”.

Die TK het ook vier studente gevra om hulle ervarings van die **Kaapstad Pride-optog** neer te pen. Hul stories is in Maart op die TK-webtuiste geplaas.

’n Versoek vir aansoeke om die inisiatief **Skryf vir Verandering** is op 9 Maart op sosiale media uitgereik. Die inisiatief bestaan uit ’n reeks van 12 werksessies oor 12 weke vir 15 studente wat graag die vaardighede wil aanleer om menings-, hoof- en ondersoekende artikels te skryf, spesifiek oor die kwessie van transformasie.

Die TK het ook ’n inisiatief van stapel gestuur om studentenavorsing oor **maatskaplike geregtigheid** vir die groter gemeenskap toeganklik te maak. ’n Versoek vir voorleggings is op 14 April uitgereik.

Studente moet kort videobeskrywings van hul navorsing indien, en ’n skakel na hul finale tesisse. Die projek sal op die TK-webtuiste aangebied word.

Daarbenewens is daar geleenthede geskep vir personeellede en studente om teen die agtergrond van die **COVID-19**-pandemie oor **transformasiekwessies** te besin. Die TK het op 9 April ’n aanlyn gesprek getiteld “Gesprekvoering oor ons reeds moeilike daaglikse maatskaplike kwessies gedurende ’n pandemie: Hoe hou ons aan praat?” aangebied. Die Kantoor het ook ’n reeks besinnende artikels oor ervarings van die COVID-19-inperking laat skryf. Die artikels is tussen 22 April en 2 Mei op die TK-webtuiste geplaas, en het ’n verskeidenheid ervarings ingesluit, van ’n student in die koshuis tot ’n ma met jong kinders.

## 2.7 Leiding oor sosiale media


Onbillike diskriminasie, teistering en viktimisasie aanlyn deur sosialemediagebruikers verbonde aan die US val onder ons Beleid oor Onbillike Diskriminasie en Teistering en die Dissiplinêre Kode vir Studente van die Universiteit Stellenbosch. Om die verantwoordelike gebruik van sosiale media aan te moedig, het die SSVO se Eenheid vir Gelykwaardigheid ’n veldtog met die volgende boodskappe van stapel gestuur:







Veral fopnuus en samesweringsteorieë oor die COVID-19-pandemie is besonder gevaarlik, want dit skend mense se vertroue in tradisionele mediese instellings, wetenskaplikes en gesondheidsorgwerkers. Dít is in April uitgewys in ’n meningsartikel deur Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe se **prof Faadiel Essop** van die Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika in die Afdeling Geneeskundige Fisiologie.




In Mei het Korporatiewe Kommunikasie ook ’n veldtog aangebied om volgelinge van ons sosialemediakanale te leer hoe om fopnuus te identifiseer (sien plasing regs).

’n Artikel getiteld “Sosiale media: dink twee keer voordat jy dit deel” is ook op die US-tuisblad gepubliseer.

## 2.8 Nagraadse inskrywings 2020


Inligtingsoorsigbestuur (IOB) het op 4 Mei hulle jaarlikse oorsig van nagraadse inskrywings uitgereik. Klik hier vir die volledige verslag.

**Algehele syfers**

Vanjaar se registrasietydperk vir nuwe magister(tesis)- en doktorale studente het op 30 April gesluit. Die algehele getal nagraadse inskrywings het met **3,5% toegeneem** van 10 023 in Maart **2019** tot

10 385 in April **2020** (sien grafiek hieronder), hoewel dít dalk gedeeltelik aan die verlengde registrasietydperk toe te skryf is.


Nagraadse inskrywings het van Maart tot Junie 2018 met 3,1% toegeneem, en met 3,9% oor die ooreenstemmende tydperk in 2019.





### Inskrywings volgens bevolkingsgroep

Die figure hieronder toon nagraadse inskrywings deur Suid-Afrikaanse studente volgens bevolkingsgroep. Kernwaarnemings is dat:

- studente uit die swart Afrikaan-bevolkingsgroep van 2019 tot 2020 die grootste toename (9,5%) getoon het en vanjaar altesaam 24,6% van alle Suid-Afrikaanse nagraadse studente by die US uitmaak; en
- die getal studente wat verkies het om nié hulle bevolkingsgroep bekend te maak nie, aansienlik toegeneem het van 57 in 2019 tot 82 in 2020.




## TEMA 3: DOELGERIGTE VENNOOTSKAPPE EN INKLUSIEWE NETWERKE

Hierdie kern strategiese tema word soos volg bespreek in ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024*: "As deel van ons missie, het ons by die US ons bereid verklaar om die wêreld rondom ons deur samewerking te beïnvloed en te verander, en self ook verandering te omarm en daarop te reageer. Die kern van ons missie is dat wat in die wêreld gebeur ons navorsing, ons onderrig en leer sowel as ons skakeling rig, en dat wat by ons universiteit gebeur vir die wêreld van belang is. As 'n universiteit, is ons verbind tot Suid-Afrika en Afrika. Terselfdertyd is ons terdeë bewus van ons rol in en verbondenheid aan die internasionale arena. Om te inspireer én geïnspireer te word, sal die US **skakel en saamwerk** met **belanghebbendes**, die **gemeenskappe** wat ons bedien, die **bedryf**, die **regering** en ons **universiteitsvennote** in **plaaslike, streeks-, vastelands- en wêreldverband**. Ons benadering tot samewerking en skakeling strook met ons waardes, met spesifieke verwysing na respek, deernis en billikheid."

## 3.1 Internasionalisering by US nou aanlyn

Weens die COVID-19-pandemie het die verskillende sentrums van US Internasionaal ’n aantal inisiatiewe van stapel gestuur om hul internasionaliseringswerk aanlyn voort te sit.

Die **Global Education Centre (GEC)** fokus byvoorbeeld daarop om:

- huidige internasionale studente by die US sowel as US-studente oorsee te ondersteun;
- voorbereidings te tref vir internasionale studente wat in die tweede semester arriveer, en gereed te maak vir die verskillende moontlike scenario’s om hulle te ontvang; en
- die GEC se prosesse en steunaanbod te hersien om gebiede vir verbetering te identifiseer.

’n Eerste webinaar oor studentewelstand om US-semesterstudente oorsee te ondersteun, is in Mei aangebied. Die GEC het ook sy verwelkoming- en oriënteringsprogram vir die tweede semester herontwerp en dit grotendeels na die kuberruimte verskuif.

Die **Centre for Collaboration in Africa (CCA)** dien op sy beurt as medegasheer van webinare oor kwessies soos ramprisikovermindering en waterwetenskappe saam met verskeie internasionale vennote. Periperi U se African Risk Methods School sal ook op medium- tot langer termyn in ’n betaalde aanlyn aanbod omskep word.

Die **Centre for Partnerships and Internationalisation Support (CP&IS)** het met die span van Navorsingskontrakte saamgewerk om as deel van die Hamburgse Virtuele Netwerkvergadering ’n aanlyn aanbieding oor uitdagings vir internasionaliseringsadministrasie en navorsingsamewerking aan te bied. Boonop het die sentrum en die Internasionale Onderwysvereniging van Suid-Afrika (IEASA) gesamentlike webinare vir internasionale personeel oor die hele Suid-Afrika aangebied.

Die CP&IS ondersteun ook die Vrede- en Versoeningsnetwerk van die Vereniging van Statebondsuniversiteite (ACU) om van 9 tot 12 Junie 2020 ’n gesamentlike US-ACU-konferensie aanlyn aan te bied. Die konferensie sal die rol van kuns in vrede en versoening uit ’n transnasionale oogpunt ondersoek. **Prof Pumla Gobodo-Madikizela** tree as die US se verteenwoordiger in die netwerk op.

US Internasionaal se **Africa Centre for Scholarship (ACS)** het sewe navorsingsontwikkelingskole vir 2020 beplan gehad toe die pandemie uitbreek. Die Afrika Doktorale Akademie- (ADA-)herfsskool in Maart moes afgestel word. Nou werk die ACS daaraan om die ADA-winterskool in ’n aanlyn navorsingsleergeleentheid met vyf verskillende kursusse te omskep, wat in Julie van stapel gestuur sal word (**sien 4.3**). Daarna sal die ACS met Strathmore-universiteit (Kenia) en die universiteite van Lagos (Nigerië) en Rwanda, die CCA sowel as die Stellenbosse Instituut vir Gevorderde Navorsing (STIAS) saamwerk om die beplande gesamentlike navorsingskole in drie virtuele skole om te skakel. Dié geleenthede is deel van die inisiatief vir ontluikende akademici en sal in die tweede helfte van 2020 aangebied word.

## 3.2 Internasionale ooreenkomste

Die US het in die tydperk Februarie tot Mei 2020 die volgende ooreenkomste met internasionale bilaterale vennote aangegaan (ten volle in werking gestel):

| NAAM VAN INSTELLING | LAND | AKSIE | TIPE OOREENKOMS |
|---|---|---|---|
| Universiteit van Namibië | Namibië | Hernuwing | Memorandum van verstandhouding |
| Midlands-staatsuniversiteit | Zimbabwe | Hernuwing | Memorandum van verstandhouding |
| Universiteit van Bordeaux en Bordeaux Instituut vir Tegnologie | Frankryk | Hernuwing | Memorandum van verstandhouding, en studente-uitruilooreenkomste |
| Universidade Federal de Santa Catarina (UFSC) | Brasilië | Nuwe ooreenkoms | Memorandum van verstandhouding |
| Jean Monnet-universiteit | Frankryk | Hernuwing | Gesamentlike graadprogram |
| Bauhaus-universiteit Weimar | Duitsland | Hernuwing | Memorandum van verstandhouding |
| Universiteit van Turyn | Italië | Nuwe ooreenkoms | Studente-uitruilooreenkoms in Departement Chemie en Polimeerwetenskap |

## 3.3 Internasionalisering van die kurrikulum

US Internasionaal en die Departement **Wingerd- en Wynkunde** het van 25 tot 29 Februarie die eerste opleidingsessie van die Erasmus+-vermoëbouprojek VitaGlobal aangebied. Die projek bring 17 hoëronderwysinstellings van nege lande byeen. Dit beoog om universiteitsbydraes tot plaaslike ontwikkeling te versterk, in die besonder deur ’n voorgestelde kurrikulumontwikkelingsprojek oor wingerd- en wynkunde, wat in al die deelnemerstreke ’n groeiende landbousubsektor is.

Hierdie eerste werksessie was oor die tema “Internasionalisering van die kurrikula” en was afgestem op akademiese personeellede én verteenwoordigers van deelnemerinstellings se kantore vir internasionale betrekkinge. Deelnemers het onder meer gemengde leer, strategieë vir toekomsfikse onderrig en toenemende internasionalisering bespreek, sowel as maniere om IKT soos aanlyn kommunikasie en e-assesserings as deel van geïnternasionaliseerde kurrikula in te span. Steundienste en opleiding is ook aangeroer.

Klik hier vir ’n nuusberig oor die werksessie. Verdere inligting oor die projek is hier beskikbaar.

## 3.4 Internasionale Universiteit van Venesië-konsortium

Die US is sedert vanjaar ’n volle lid van die konsortium van die Internasionale Universiteit van Venesië (VIU), wat uit 19 navorsingsintensiewe universiteite van 15 lande op vier vastelande bestaan. VIU het ’n gemeenskaplike kampus op die eiland San Servolo in Venesië.

Ek het in die verslagtydperk die vergadering van die VIU-bestuursraad bygewoon, en **prof Hester Klopper**, Viserektor: Strategie en Internasionalisering, het ons in die direksievergadering verteenwoordig. **Prof Gideon Wolfaardt** van die Fakulteit Natuurwetenskappe het aan die vergadering van die akademiese raad deelgeneem.

Die US is die eerste universiteit van Afrika wat toegelaat word tot hierdie groep, wat ’n platform vir transnasionale onderwys en navorsing voorsien. (Klik hier vir agtergrond.)

## 3.5 AC21-netwerk

Die US het aan AC21 (“Academic Consortium of 21”) se versoek vir aansoeke om spesiale **projekfinansiering** vir 2020 deelgeneem. Ons was die hoofaansoeker in een suksesvolle aansoek, en ’n medeaansoeker in ’n verdere twee. Die finansiering is bedoel om samewerkende navorsingsaktiwiteite tussen vennootinstellings te bevorder.

| Titel van AC21-aktiwiteit | US-navorser | US-departement | Instelling 1 | Instelling 2 | Instelling 3 | Instelling 4 |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Natuurlike produkte vir gesonde veroudering: van molekulêre teikens tot terapie | Prof Hans Strijdom | Geneeskundige Fisiologie | Universiteit van Straatsburg (Frankryk) | Universiteit van Adelaide (Australië) | US | |
| Pre-kliniese ontwikkeling van antimikrobiese peptiede | Prof Marina Rautenbach | Biochemie | Universiteit van Minnesota (Verenigde State ) | Universiteit van Straatsburg (Frankryk) | US | Universiteit van Freiburg (Duitsland) |
| Regerings en ekonomiese ontwikkeling deur die geskiedenis | Prof Johan Fourie | Ekonomie | US | Universiteit van Adelaide (Australië) | Universiteit van Minnesota (Verenigde State ) | Universiteit van Straatsburg (Frankryk), Chulalongkorn-universiteit (Thailand) |

## 3.6 Wêreldburgerskapsprogram

Vier van ons studente het aan die jaarlikse wêreldburgerskapsprogram deelgeneem wat die US in samewerking met ons kernvennote die Universiteit van Stuttgart (Duitsland) en St. Xavier-kollege (Indië) aanbied. Studente van die Universiteit van Bergamo (Italië) het ook aangesluit. Die wêreldburgerskapsprogram is ’n **gemengdeleerkursus** met sowel ’n aanlyn as ’n mobiliteitskomponent. Die onderwerp van vanjaar se projekweek (mobiliteitskomponent), wat van 8 tot 16 Februarie in **Moembai**, Indië, aangebied is, was “Globalisasie en biblioteke”. Die oorhoofse tema van die kursus was “In gesprek met globalisasie”. Benewens die projekweekonderwerp, het deelnemers ook die politiek, ekonomie en letterkunde bestudeer.

## 3.7 Alumniskakeling

### Alumnibetrekkingefakulteitsforum

Die Alumnibetrekkingefakulteitsforum gaan van die veronderstelling uit dat inligtings- en kennisuitruiling tussen fakulteite – US-gegradueerdes se akademiese tuistes – ’n inklusiewe en verenigde wêreldwye US-alumnigemeenskap sal help bou.

Die forum het op 26 Februarie sy eerste vergadering vir 2020 gehad. Verteenwoordigers van nege van die US se tien fakulteite het dit bygewoon en onder meer die US se alumniskakelingsmodel bespreek (klik hier vir ’n skyfieaanbieding).

### Alumniskakelingsaktiwiteite

Die US volg internasionale beste praktyk deur sy band met sy studente nog lank ná gradedag in stand te hou. Ons ontwikkel nuwe maniere om hul loopbane en lewenslange welstand te bevorder. In ruil daarvoor vra ons dat alumni voortgaan om hul alma mater se verhaal op ’n positiewe manier aan ander te vertel, die US finansieel én met hulle vaardighede en ervaring te ondersteun, en met huidige en toekomstige studente te skakel.

Die US se vernaamste alumniskakelingsaktiwiteit is ons **Alumnituiskomsnaweek**, wat vanjaar van 5 tot 9 Maart plaasgevind het. Dit was die vyfde aflewering van hierdie jaarlikse geleentheid en was ons grootste en suksesvolste tot nog toe. Dit het ons daaraan herinner dat ’n universiteit se verhouding met sy alumni nou belangriker is as ooit vantevore.

Verskeie **ander alumniskakelingsgeleenthede** is in die verslagtydperk in die Verenigde Koninkryk, Ierland en die res van Europa aangebied, waarvan sommige deel uitgemaak het van die Tuiskomsnaweek. Alumni in stede soos Londen, Dublin, Frankfurt en München het hierdie

geleenthede bygewoon. Ons oudstudente se terugvoering was besonder positief, en OAB sien daarna uit om hierdie verhoudings verder te bou. (Klik hier vir 'n video-oorsig.)

### Aanlyn alumni- en skenkerskakeling in reaksie op COVID-19

In die lig van die koronaviruspandemie is verskeie persoonlike alumni- en skenkerskakelings binne én buite Suid-Afrika aanvanklik gekanselleer. OAB het party daarvan in aanlyn geleenthede omskep.

Die eerste – 'n inligtingsessie deur NSFAS-hoof **dr Randall Carolissen**, 'n alumnus van ons Bestuurskool – het op 24 April plaasgevind. 'n Wye verskeidenheid US-vennote en ander belangstellende partye het aan die gesprek deelgeneem. Dit was baie suksesvol, en opvolggeleenthede is gereël.

Die tweede geleentheid – 'n praatjie deur die bekende ontdekkingsreisiger en Matie-alumnus **Mike Horn** – was ewe suksesvol. Hy het vergelykings getref tussen sy ervarings as 'n beroepsontdekkingsreisiger en die onbekende terrein wat ons met COVID-19 betree het.

Ons beplan om hierdie model van **afstandskakeling met skenkers, vennote en alumni wêreldwyd** uit te brei. Die benadering bied besliste voordele, selfs al kan ons in die toekoms weer begin reis en van aangesig tot aangesig ontmoet. Dit stel ons in staat om meer met minder te doen, synde 'n opwindende en positiewe neweproduk van COVID-19.

## 3.8 Sosiale impak gedurende COVID-19

Met die wêreldwye COVID-19-pandemie voor oë het die US se Afdeling Sosiale Impak (ASI) riglyne opgestel om te bepaal waar inisiatiewe vir sosiale impak kan voortgaan, en waar nié. Die riglyne bevat ook inligting oor finansiering vir sosiale impak in dié tyd. Die dokument is op 8 April by 'n buitengewone vergadering van die Sosiale Impak-komitee (SIK) van die Senaat goedgekeur.

ASI het ook met verskeie belanghebbendes en vennote saamgewerk om plaaslike en provinsiale inisiatiewe met betrekking tot die pandemie te ondersteun. Dít sluit in Stellenbosch Munisipaliteit, SCAN (die Stellenbosse burgerlike voorspraaknetwerk), Visit Stellenbosch sowel as die provinsiale departemente van Gesondheid, en Vervoer en Openbare Werke.

Aktiwiteite het in die volgende behoeftes voorsien:

**Voedselsekerheid:** Om voedselsekerheid op Stellenbosch te bevorder, was die US medestigter van die platform Stellenbosch Unite, 'n samewerkingsbeweging wat kwesbare gemeenskappe maatskaplik ondersteun. Die netwerk het gereël dat geld ingesamel, skenkings gedoen en kospakkies voorsien word aan organisasies vir verdere verspreiding aan families in nood. Die platform het in 'n stadium daagliks meer as 6 000 huishoudings ondersteun. Die plan is om daarmee voort te gaan vir so lank as wat nodig is.

**Haweloosheid:** Die Stellenbosse hawelose gemeenskap is aanvanklik in 'n tentekamp op Klapmuts gehuisves. As gevolg van voorspraak deur plaaslike strukture is daar besluit om die haweloses na die Van der Stelsaal te verskuif. Die US het 60 matrasse en 50 komberse beskikbaar gestel.

**Rampbestuur:** Die US skakel direk met die plaaslike rampbestuurskantoor. Ons senior direkteur van Sosiale Impak en Transformasie, **dr Leslie van Rooi**, verteenwoordig ook die Universiteit in die gesamentlike beheerkomitee van Stellenbosch Munisipaliteit.

**Steun aan provinsiale departemente:** Die US het fasiliteite aan die Departement van Vervoer en Openbare Werke beskikbaar gestel om in COVID-19-verwante noodgevalle te gebruik, soos vir self-afsondering en kwarantyn.

## 3.9 US Woordfees, WOW en US Koor

Vanjaar se **US Woordfees** (6–15 Maart) het sy **21ste bestaansjaar** gevier en ook die eerste keer met **Toyota** as medenaamborg gespog. Ons is besonder bevoorreg dat die fees kon klaarmaak voordat die COVID-19-beperkings wat alle groot openbare byeenkomste verbied in werking getree het.

Die fees se mondigwording is gevier met 96 boekpraatjies, 84 diskoerse oor aktuele sake, 24 debuutteaterproduksies, 62 kontemporêre musiekkonserte, 29 klassieke musiekuitvoerings, 15 komedievertonings en 'n rolprentfees met 12 hoofprente, agt dokumentêre en 20 gratis kortflieks.

Meer as 3 000 kunstenaars het deelgeneem en meer as 600 mense, meestal van Stellenbosch en omstreke, is van deeltydse werk voorsien. Algehele **kaartjieverkope was 11% meer** as verlede jaar.

Weens die inperking is die jaarlikse Woordtrofee-prysuitdeling op 7 April regstreeks op Facebook uitgesaai. Meer as 4 100 kykers het die verrigtinge gevolg. Die prys vir beste produksie het gegaan aan *Die poet, wie's hy?*, wat uit wyle dr Adam Small se werk saamgestel is (sien foto hieronder).



Verskeie Woordfeesverwante projekte sal van stapel gestuur word om die skep van nuwe werk gedurende die pandemie aan te moedig. Eerste aan die beurt is skryflaboratoriums in Mei.
Die 22ste US Woordfees vind van **5 tot 14 Maart 2021** plaas.

Die WOW-projek (**Woorde Open Wêrelde**), 'n US Woordfees-inisiatief, het in Februarie en Maart, voor die inperking, skrywers en outeurs na 147 skole in die Wes-, Oos- en Noord-Kaap geneem. Hier het hulle met meer as **18 000 leerders en 300 opvoeders** geskakel. Hoofsaaklik kwintiel 1- tot kwintiel 3-skole is vir dié doel gekies. Skrywers het 'n aanbieding vir graad 12's gedoen en WOW-personeel het inligting oor studiegeleenthede en akademiese steun voorsien.

Boonop het meer as 3 000 graad 12's en voornemende studente die WOW-dag gedurende vanjaar se Toyota US Woordfees bygewoon. Hulle het inligting oor studieaansoeke, -beurse en -programme ontvang. Hoewel alle WOW-aktiwiteite weens die inperking opgeskort is, sal steun aan graad 12-leerders so ver moontlik aanlyn voortgesit word.

Die **US Koor** beklee steeds die eerste plek op die Interkultur-ranglys vir amateurkore. Hulle kon in Maart drie uitverkoopte konserte aanbied, waarna verdere geskeduleerde konserte sowel as hul beplande internasionale toer in Julie weens die inperking gekanselleer is (hulle sou hul titel by Wêreldkoorspele in België verdedig het, wat nou tot volgende jaar uitgestel is). Hulle bly egter aktief op aanlyn platforms en reik opnames op sosiale media uit. Selfs al is hulle nie fisies bymekaar nie, bly hulle in harmonie – soos blyk uit hulle onlangse aanlyn uitvoering op YouTube.
**Druk Ctrl en klik op die skermgreep hieronder** om hul uiters gewilde "Die Donker" te geniet.




## 3.10 MGD ’n finalis vir internasionale prys

Matie Gemeenskapsdiens (MGD) het by die Talloires-netwerk aansoek gedoen om ’n toelaag as deel van die netwerk se universiteitstoekenningsprogram vir innoverende burgerlike skakeling. Dié program beoog om vernuwende navorsing- en leerstrategieë vir gemeenskapskakeling by universiteite te ontdek. Ons is sedertdien in kennis gestel dat MGD op grond van daardie aansoek gekies is as ’n finalis vir die MacJannet-prys vir wêreldburgerskap, wat Talloires en die MacJannet-stigting geskep het om uitsonderlike inisiatiewe vir studentegemeenskapskakeling te erken.

## 3.11 Telematiese Skoleprojek

Uitsendings van die Telematiese Skoleprojek, ’n gesamentlike inisiatief tussen die US en die Wes-Kaapse onderwysdepartement (WKOD), het voortgegaan, ondanks die inperking. Die nodige permitte is vir personeellede van die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT) bekom om vanuit die ateljee op ons Stellenboschkampus uit te saai. In die lig van die oorskakeling na aanlyn leer het ons personeel ook onderwysers ekstra video-inhoud help maak.

Die regstreekse stroom is nou oop en vryelik beskikbaar op die Facebook-blad en op die skolewebtuiste. Gastoegang is aan leerders van buite die Wes-Kaap verleen. Gebruikerhandleidings is geskep en duisende leerders is vir die projek geregistreer.

Tussen uitsendings het SOL ’n werwingsvideo vertoon waarin **dr Gillian Arendse** graad 12’s aanmoedig om voor die sluitingsdatum van 30 Junie 2020 om toelating vir 2021 aansoek te doen.

Die ontwikkeling van ’n toegewyde stromingsplatform vir die projek begin binnekort. Die **SABC** en **e.tv** saai ook van ons lesse uit, en ons is versoek om nóg inhoud te voorsien.

# TEMA 4: GENETWERKTE EN SAMEWERKENDE ONDERRIG EN LEER

Luidens *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* behels hierdie kern strategiese tema die volgende: “Die US pak hiermee ’n reis van **genetwerkte en samewerkende onderrig en leer** aan deur leergemeenskappe te skep waar studente, personeel en alumni sinvolle leer kan ervaar. Die US bevorder ’n leergerigte benadering tot onderrig, met die klem op leer as ’n vennootskap, wat studente as medeskeppers van kennis en leeromgewings beskou. Binne ’n leergerigte benadering werk onderrigaktiwiteite kennisbou in die hand en word studente aktief by hul eie leer betrek.

“Die Universiteit het ook ’n holistiese begrip van onderrig en leer, wat individuele sowel as sosiale voordele insluit. Die US se onderrigpraktyke is diep veranker in, word gevorm deur en reageer op die omgewings waarin dit plaasvind. Hierdie benaderings rig die Universiteit as ’n leerorganisasie, wat die ontwikkeling van leergemeenskappe onder studente, personeel en alumni in verskillende konfigurasies moontlik maak. Genetwerkte en samewerkende leer skep ’n omgewing wat intellektuele weetgierigheid aanmoedig, synde ’n noodsaaklike vaardigheid vir volgehoue kritiese en kreatiewe denke.”

## 4.1 Kwalifikasies toegeken in die akademiese jaar 2019


Die gradeplegtighede wat van 31 Maart tot 3 April 2020 sou plaasvind, moes uiteindelik weens die COVID-19-inperking gekanselleer word. In plaas daarvan, het die Universiteit op 3 April ’n aanlyn toekenning van kwalifikasies (grade, diplomas en sertifikate in alle fakulteite) aangebied. Klik hier vir ’n kort video van hierdie historiese geleentheid, die eerste van sy soort aan die US.

Daarmee is die akademiese jaar 2019 afgesluit. Die statistieke wat hieronder aangebied word, bestaan dus uit die syfers van die aanlyn geleentheid plus die gradeplegtighede van Desember 2019. Klik hier vir die volledige graduandiverslag vir 2019.

Die tabel hieronder toon dat die getal studente wat ’n eerste kwalifikasie ontvang het van 2018 tot 2019 met 4,8% toegeneem het, terwyl nagraadse kwalifikasies met 1,9% gedaal het.

| | **2015** | **2016** | **2017** | **2018** | **2019** | **Groeikoers % (2018–2019)** | **Groeikoers % (2015–2019)** |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Voorgraads | 3 702 | 4 032 | 4 226 | 4 283 | 4 488 | 4,8% | 21,2% |
| Diploma/sertifikaat | 94 | 17 | 65 | 34 | 199 | 485,3% | 111,7% |
| Baccalaureus (algemeen) | 2 211 | 2 502 | 2 640 | 2 564 | 2 598 | 1,3% | 17,5% |
| Baccalaureus (professioneel) | 1 397 | 1 513 | 1 521 | 1 685 | 1 691 | 0,4% | 21,0% |
| Nagraads | 4 201 | 4 319 | 4 822 | 4 724 | 4 632 | -1,9% | 10,3% |
| Diploma/sertifikaat | 1 298 | 1 195 | 1 356 | 1 335 | 1 281 | -4,0% | -1,3% |
| Baccalaureus (LLB) | 73 | 81 | 75 | 77 | 91 | 18,2% | 24,7% |
| Honneurs | 1 185 | 1 296 | 1 462 | 1 487 | 1 427 | -4,0% | 20,4% |
| Magister | 1 378 | 1 469 | 1 624 | 1 517 | 1 472 | -3,0% | 6,8% |
| Doktoraal | 267 | 278 | 305 | 308 | 361 | 17,2% | 35,2% |
| Groottotaal | 7 903 | 8 351 | 9 048 | 9 007 | 9 120 | 1,3% | 15,4% |

Die volgende figuur bied ʼn uiteensetting van die kwalifikasies wat in 2019 toegeken is. **Doktorale** gegradueerdes het wéér aansienlik toegeneem tot **361** en het dus vir **nóg ʼn rekordjaar** gesorg.




Die tabel hieronder toon die getalle en persentasies na- en voorgraadse studente wat in 2018 en 2019 in Desember en Maart gegradueer het. Nes in 2018, het die meeste studente in 2019 (64,1%) in Desember gegradueer, en was daar wéér meer voorgraadse (70,8%) as nagraadse studente (57,5%) by die jaareindplegtighede as ʼn persentasie van hulle onderskeie kohorte.

| Gradeplegtigheidsmaand | | 2018 | | | 2019 | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | Voor-graads | Nagraads | Totaal | Voor-graads | Nagraads | Totaal |
| Desember | N | 3 129 | 2 643 | 5 772 | 3 177 | 2 665 | 5 842 |
| Maart | N | 1 154 | 2 081 | 3 235 | 1 311 | 1 967 | 3 278 |
| Totaal N | N | 4 283 | 4 724 | 9 007 | 4 488 | 4 632 | 9 120 |
| Desember | % | 73,1% | 55,9% | 64,1% | 70,8% | 57,5% | 64,1% |
| Maart | % | 26,9% | 44,1% | 35,9% | 29,2% | 42,5% | 35,9% |
| Totaal % | % | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% | 100,0% |

## 4.2 Steun vir aanlyn onderrig en leer

Om alle aanlyn leer- en assesseringsaktiwiteite in die tweede kwartaal te koördineer en te ondersteun, het die Afdeling Leer- en Onderrigverryking ʼn **bedryfsvoortsettingsubkomitee** oor aanlyn leer en assessering geskep. Dit bestaan uit verteenwoordigers van die sentrums vir Onderrig en Leer (SOL), Leertegnologieë (SLT) sowel as Akademiese Beplanning en Gehalteversekering, die Taalsentrum, Informasietegnologie (IT), die Biblioteek- en Inligtingsdiens, US Internasionaal, ʼn visedekaan en studenteverteenwoordigers. Die komitee vergader weekliks en bespreek kwessies met betrekking tot die tegnologiese platform én steun vir dosente en studente.

### Dosentesteun

Die **kursus "Dosentesteun vir aanlyn onderrig"** is binne die bestek van twee weke ontwerp, ontwikkel en in werking gestel danksy samewerking tussen die SLT-raadgewers, al die gemengdeleerkoördineerders (GLK's) en SOL. Die kursus roer alle aspekte van aanlyn onderrig en assessering aan, en dosente het dit goed ontvang. In die verslagtydperk het gemiddeld 927 personeellede die kursus daagliks gevolg.

By die skryf van hierdie verslag het die getal **webinare** (deur middel van Microsoft Teams) wat SLT en SOL sedert 19 Maart gefasiliteer het op 28 te staan gekom. Dit handel oor verskeie aspekte van aanlyn onderrig en assessering met behulp van SUNLearn, sowel as kopiereg. Dosente het meer as 2 500 bywoningsessies aangeteken, en die video van die verpligte webinaar "Berei voor vir aanlyn leer" is 430 keer gekyk.

'n Nuwe webinaarprogram op grond van dosente se ontwikkelende behoeftes is van 28 April tot 22 Mei aangebied. Nuwe temas en gespesialiseerde onderwerpe is ingesluit, soos beste praktyk vir aanlyn toetse en eksamens, maniere om jou SUNLearn-blad by te werk om selfgerigte leer te fasiliteer, en aanlyn besprekings.

Die **GLK's** het 'n kernrol vervul om fakulteite en studente vir tydelike aanlyn onderrig en leer voor te berei. Hulle het ook aansienlik bygedra tot die ontwikkeling van die webblad vir personeelsteun op SUNLearn, en ondersteun boonop dosente met fakulteitsverwante kwessies oor aanlyn onderrig en leer. Twee ad hoc-GLK's is ook aangestel om die fakulteite Natuurwetenskappe, Teologie, Lettere en Sosiale Wetenskappe sowel as Ingenieurswese met tydelike aanlyn onderrig by te staan.

Die SLT, SOL en die GLK's het saamgewerk om binne net meer as 'n week 'n **tutoropleidingskursus** te ontwikkel, wat op 17 April bekend gestel is. Die kursus is beskikbaar op SUNLearn en roer alle aspekte van die tutorrol aan. Alle tutors wat in hierdie tyd van tydelike aanlyn onderrig tutorbystand verleen, moet die eietempokursus voltooi. By die skryf van hierdie verslag het 132 van die 513 ingeskrewe studente die kursus voltooi.

### Studentesteun

'n Studentesteunwebblad is beskikbaar gestel vir diegene met tegniese, taal- en praktiese navrae. Die SLT- en SOL-spanne het saamgewerk om 'n handleiding op te stel met aanlynleerwenke vir studente om gefokus en suksesvol te bly.

Wat **SUNLearn-bystand** betref, het die SLT gebeurlikheidsfinansiering ontvang vir twee ad hoc-aanstellings om die kernspan te ondersteun. Sodoende kon die Sentrum hulle bystandstyd op weeksdae tot 22:00 verleng. 'n Groep IT-personeel van die Afdeling IT, fakulteite en biblioteke is saamgestel om eersteliniesteun aan studente te voorsien. (**Sien ook 2.1 hierbo**.)

### Taalsteun

Die Taalsentrum het baie hard gewerk om hulle kursusse en dienste aan te pas ten einde bystand te verleen aan dosente wat aanlyn moet klas gee, sowel as aan studente wat voortdurende aanlyn taalsteun vereis.

Hoewel dit nie haalbaar is om intydse tolking vir studente te voorsien nie, staan die Taalsentrum dosente en studente by deur lesingmateriaal – hetsy PowerPoint-aanbiedings, SUNLearn-inhoud of podsendings – in Afrikaans en Engels te vertaal (én Xhosa waar daar 'n pedagogiese behoefte is).

### Peilings

**Twee peilings** is gedurende die COVID-19-inperking onder leiding van die Afdeling Leer- en Onderrigverryking gedoen, naamlik:

- een onder studente om hulle toegang tot tegnologie vir aanlyn akademiese aktiwiteite te bepaal; en
- een onder personeel om te bepaal of hulle gereed is om van die huis af te werk.

Inligtingsoorsigbestuur was daarvoor verantwoordelik om die opnames te verwerk en te ontleed, en die resultate in 'n gebruikervriendelike vorm aan tersaaklike belanghebbendes te gee vir verdere hantering.

Die resultate van die personeelopname is aan elke VS-omgewing en fakulteit bekend gemaak. Menslike Hulpbronne het daarna ook ’n skrywe oor verkrygingsprosesse en versoeke aan die gebeurlikheidsfonds aan alle VS-hoofde en dekane gerig.

### Verbeterde stelselfunksionaliteit vir snelle oorskakeling na aanlyn leer

Leer en onderrig by die US het voor die inperking hoofsaaklik van aangesig tot aangesig (oftewel in “F2F”-vorm) geskied. Ons aanlyn platform, SUNLearn, was ’n *bykomende* instrument om inhoud aan te bied, interaksie met én tussen studente teweeg te bring, opdragte te bestuur en assesserings af te neem.

Met die inperking, en die onsekerheid oor hoe lank dit sal duur, kon nie álle klasse dadelik ten volle aanlyn (in sogenaamde “FOL”-vorm) aangebied word nie. Vir FOL word inhoud en ervarings uit die staanspoor met die oog op aanlyn aanbieding beplan en ontwerp. Om ons akademiese aanbod te handhaaf, moes ons egter ten minste oorskakel na noodafstandsonderrig (“ERT”), wat *EDUCAUSE Review* omskryf as “’n tydelike verskuiwing van opvoedkundige aanbieding na ’n alternatiewe vorm weens krisisomstandighede”.

Omdat ons oor **bestaande platforms** beskik het, het die snelle oorskakeling van F2F tot ERT, en in sommige gevalle FOL, gelukkig nie veel geverg wat nuwe stelsels betref nie. Tog was die opskalering van bedrywighede en die voorsiening van die nodige steundienste ’n **enorme taak**.

Ons stromingsplatform, **SUNStream**, moes opgegradeer word om groter volumes regstreekse stroming meer robuus te hanteer. **SUNLearn** is uitgebrei tot ’n groter leer-ekosisteem deur die **Office 365**-funksionaliteit, en veral ook **Microsoft Teams**, daarby te integreer. Dít is teen ’n versnelde tempo gedoen, en is binne die bestek van drie weke vermag.

’n Groot struikelblok was om **tegniese diensvlakke** uit te bou om die drastiese toename in gebruikergetalle te hanteer. Verskeie moontlikhede is oorweeg, maar omdat dit te lank sou duur om nuwe personeellede te oriënteer en op te lei, het ons uiteindelik gekies om bestaande personeel met uitgebreide verantwoordelikhede te gebruik. IT se virtuele dienskantoorstelsel (sien 1.8) het diensversoeke in die regte rigting help stuur deur ononderbroke samewerking tussen IT se eie steunpersoneel en dié van die Sentrum vir Leertegnologieë (SLT), die Biblioteek en rekenaargebruikersareas te bewerkstellig. Altesaam **59 agente** is tans aan diens by die SLT-dienskantoor en kan terselfdertyd in hulle tuisomgewings werk na gelang van hulle werklas en die aard van die navraag.

## 4.3 US bring Afrikadatawetenskapakademie tot stand

Ons transfakulteit- en interdissiplinêre Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke, wat in Julie verlede jaar bekend gestel is, het nou die Afrikadatawetenskapakademie (ADSA) tot stand gebring om algemene kursusse vir die publiek en pasgemaakte kursusse vir ons bedryfs- en akademiese vennote te ontwikkel.

Die eerste twee geakkrediteerde kortkursusse sal van 20 tot 24 Julie **aanlyn** in vennootskap met die US se Afrika Doktorale Akademie (ADA) aangebied word (**sien ook 3.1 hierbo**). Die eerste kursus is ’n inleiding tot **statistiek**, en die tweede ’n inleiding tot die **datawetenskap**. US-dosente van onderskeidelik ons Departement Statistiek en Aktuariële Wetenskap en ons Departement Bedryfsingenieurswese sal die kursusse aanbied.

Prof Kanshukan Rajaratnam, wat vroeër vanjaar as direkteur van die Skool vir Datawetenskap en Rekenaardenke aangestel is, sê die Akademie maak voorsiening vir sowel navorsers as beroepslui wat hul datawetenskapvaardighede wil uitbou. Daarom word die akademie én die bedryf genooi om met ADSA saam te werk om in hulle opleidingsbehoeftes te voorsien.

## 4.4 Elektroniese studenteterugvoer

Die US gebruik sedert Januarie nie meer die papiergebaseerde studenteterugvoerstelsel nie, maar het na ’n elektroniese weergawe oorgeslaan. Vraelyste is gedurende die eerste kwartaal in **78 modules in nege fakulteite** geaktiveer. In die lig van COVID-19 en aanlyn onderrig is die terugvoervraelys hersien om dit by die nuwe onderrig-en-leerkonteks aan te pas. Die hersiene weergawe is op 26 Mei beskikbaar gestel.

## 4.5 Akademici as opvoeders ontwikkel

Professionele Onderrigontwikkeling vir Akademici (PRONTAK) is die US se jaarlikse kortkursusprogram vir nuwe akademiese aanstellings. Alle skakeling tot dusver vanjaar moes **aanlyn** geskied weens die COVID-19-beperkings. Altesaam 68 dosente het geregistreer vir die program, wat op die SUNOnline-kortkursusplatform aangebied word.

Op sy beurt bied die Auxin-projek US-akademici die geleentheid om in professionele opvoeders te ontwikkel. Die projeknaam kom van die Grieks *auxano*, wat beteken “om te groei”. Weens die inperking moes ook hiérdie sessies aanlyn deur middel van Microsoft Teams aangebied word:

- **Mnr Jerall Toi** en **me Jerusha Naidoo** het op 24 Maart ’n sessie oor privaatheidswetgewing en innoverende onderrigpraktyke aangebied. Klik hier vir hulle PowerPoint-aanbieding.
- **Dr Maricel Krügel** van die Departement Voedselwetenskap het op 28 April die sessie “Ontwerp jou onderrig aanlyn” aangebied, ’n besonder relevante onderwerp in die lig van die skielike oorskakeling na e-leer. Klik hier vir haar aanbieding.
- **Prof Mbulungeni Madiba**, Dekaan: Opvoedkunde, het op 26 Mei ’n sessie oor meertaligheid by Suid-Afrikaanse universiteite aangebied. Klik hier vir sy aanbieding.

# TEMA 5: NAVORSING VIR IMPAK

Luidens ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* impliseer “**Navorsing vir impak**” by die US “die optimalisering van die wetenskaplike, ekonomiese, sosiale, vakkundige en kulturele impak van ons navorsing. Die klem val op interdissiplinêre navorsing tot voordeel van die samelewing in nasionale, vastelands- en wêreldverband. Tog bly ons verbind tot basiese en dissiplinêre navorsingsuitnemendheid omdat dit as grondslag vir toegepaste en betekenisvolle navorsing dien.”

## 5.1 Navorsing te midde van COVID-19

Met die aanvaarding van ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* twee jaar gelede het ons dit duidelik gestel dat ons daarna streef om ’n trotse Afrika-kennissentrum te wees wat die vasteland deur leer en onderrig, navorsing en innovasie sowel as sosiale impak dien. Ons het ook gesê dat ons beoog om inter- en multidissiplinêre navorsing te versterk om kennis te bevorder, te verdiep, oor te dra en te implementeer, en daarna sal streef om innoverend te wees en ons innovasies met die wêreld te deel.

Danksy ons voortgesette belegging in navorsing deur die jare is die US goed toegerus om op gebeure soos die COVID-19-pandemie te reageer. So, **toe die ramp tref, was Maties daar**. Ons navorsers het geen tyd verspeel nie en gou waardevolle bydraes tot die land se hantering van die krisis begin lewer. Sedertdien werk hulle onverpoosd om in die gesondheidsverwante behoeftes van ons mense te voorsien en die verspreiding van die virus te stuit.

Die US-gebaseerde se Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA), ’n nasionale sentrum van uitnemendheid van die Departement van Wetenskap en Innovasie (DWI) en die Nasionale Navorsingstigting (NNS), adviseer die regering reeds sedert die beginfases van die krisis as deel van die Suid-Afrikaanse COVID-19-modelleringskonsortium. **Prof Juliet Pulliam**, SACEMA-direkteur en professor in Toegepaste Wiskunde aan die US, het al in

Februarie gewaarsku dat dit net ’n kwessie van tyd sou wees voordat COVID-19 Afrika bereik (klik hier vir daardie nuusberig).

Kort nadat die siekte in Maart tot ’n pandemie verklaar is, het nie minder nie as **45 navorsingsprojekte** wat direk met COVID-19 verband hou aan die US ontvou. Die navorsing het onder meer gehandel oor die verbetering van ontsmetting in die voedsel- en drankbedryf en in die geneeskunde, die vermindering van virale lugweginfeksies op openbare vervoer, en die ontwikkeling van modelle om die verspreiding van COVID-19 in die samelewing te verstaan.

’n Samewerkende navorsingsprojek wat veral aandag getrek het, is ’n groot studie deur die US en die universiteite van Kaapstad en die Witwatersrand om die **maatskaplike en ekonomiese impak** van COVID-19 te bepaal. Dit sal vir die volgende ses maande tred hou met ’n nasionaal verteenwoordigende steekproef van 10 000 Suid-Afrikaners, en sal veral ondersoek instel na werkloosheid, huishoudelike inkomste, ondervoeding by kinders, en toegang tot staatstoelaes. Die hoofnavorser is **dr Nic Spaull** van ons Departement Ekonomie.

Daarbenewens het die US se Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) die presidensiële ekonomiese adviesraad bygestaan met noodsaaklike ontledings om ’n na-COVID-19-herstelplan op te stel. **Prof Tania Ajam**, lid van die adviesraad en verbonde aan ons Skool vir Publieke Leierskap, het die BEO vir dié taak aanbeveel.

Die Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie, **prof Eugene Cloete**, het ’n gedeelte van sy **diskresionêre finansiering** vir 2020 opsygesit om dringende navorsing en innovasie op hierdie gebied aan te moedig. ’n Versoek vir navorsingsvoorstelle is aan alle fakulteite gestuur.

Klik hier vir ’n verslag oor die US se navorsings- en innovasiereaksie op die pandemie.

## 5.2 Navorsingsetiekkomitees

Danksy **aanlyn vergaderings** kon die Universiteit se navorsingsetiekkomitees hul werk ononderbroke voortsit, ondanks die uitdagings verbonde aan die COVID-19-inperking. Aansoeke om COVID-19-verwante navorsing is onverwyld hanteer, soos ook aansoeke om wysigings aan bestaande projekte wat deur sosiale distansiëringsvereistes geraak is. Ons etiekkantore het hulle aanlyn opleidingsaanbod in navorsingsetiek uitgebrei en ook algemene instrumente en wenke vir aanlyn data-insameling beskikbaar gestel.

## 5.3 Biblioteek ’n aanlyn baanbreker

Die US Biblioteek- en Inligtingsdiens funksioneer al **langer as 20 jaar** in ’n hibridiese vorm (d.w.s. sowel aanlyn as fisies). Danksy die Biblioteek se jare lange betrokkenheid by e-leer is baie van sy gidse lankal aanlyn uitgereik en by SUNLearn geïntegreer. Die voltydse aanlyn navraagdiens, “Vra ’n bibliotekaris”, is al langer as tien jaar in gebruik, terwyl die stelsel om tesisse en proefskrifte elektronies in te dien reeds sedert 2008 in werking is. Sowat 90% van onlangse inligtingshulpbronne is in digitale vorm beskikbaar, en die meeste van die Biblioteek se prosesse is elektronies.

Daarom was die noodgedwonge verskuiwing na ’n aanlyn omgewing as gevolg van die virus betreklik maklik vir die Biblioteek, wat voortgegaan het om hul dienste te bevorder en by te werk onder die aankondigingsafdeling van hul webtuiste. Baie van die Biblioteek se opleidingsessies vir nagraadse studente het vanaf 30 Maart aanlyn begin. Dié werksessies is tot dusver goed bygewoon, en het goeie kliënteterugvoer van so ver as Japan ontvang.


## 5.4 NNS-graderings

Die US het nou **486 navorsers** met ’n gradering van die **Nasionale Navorsingstigting** (NNS). Die jongste rondte aansoeke is in Januarie 2019 ingedien en aan die begin van 2020 afgehandel, en het twee A-graderings en 27 nuwe graderings opgelewer.

’n NNS-gradering word toegestaan op grond van ’n individuele navorser se onlangse navorsingsuitsette, sowel as die persoon se vakkundige impak in die oë van sowel nasionale as internasionale portuurbeoordelaars. Navorsers ontvang ’n gradering in een van vyf kategorieë:

- A – toonaangewende internasionale vakkundiges;
- B – internasionaal erkende navorsers;
- C – gevestigde navorsers met ’n volgehoue produktiwiteitsgeskiedenis;
- Y – belowende jong navorsers; en
- P – jong navorsers wat waarskynlik internasionale leiers op hulle gebied sal word.

Die grafiek hieronder toon die getal **gegradeerde US-navorsers per kategorie**.




**Prof Cornelius van der Merwe**, ’n senior navorsingsgenoot in die Departement Privaatreg, het sy A-gradering vir die derde keer in ’n ry bekom. Die gradering is ter erkenning van sy uitmuntende werk op die gebied van deeltitel- en eiendomsreg. **Prof Dieter Heiss**, ’n emeritus professor in die Departement Fisika, is ’n nuwelingontvanger van ’n A-gradering vir sy wêreldklasnavorsing oor nie-Hermitiese fotonika.

## 5.5 Navorsingsuitsette

Die DHOO het op 20 April die jongste weergawe van sy jaarverslag oor universiteite se navorsingsuitsette uitgereik (klik hier). Die verslag handel oor uitsette van 2018 wat met die oog op subsidies in 2019 by die DHOO ingedien is.

Volgens die verslag het die US – een van 25 openbare universiteite wat data ingedien het – in 2018 sowat **10% van alle publikasie-eenhede in die land** opgelewer (wat boeke en boekhoofstukke, konferensiepublikasies en vaktydskrifartikels insluit). Wat **boeke en boekhoofstukke** in die besonder betref, was US-akademici daardie jaar **die bedrywigste** in die land met 280,5 eenhede, of **13,6%** van die sektor se algehele uitset in 2018.

Met betrekking tot **navorsingsproduktiwiteit** het die US die tweede hoogste getal navorsingsuitsette per kop opgelewer – 1,64 publikasie-eenhede teenoor ’n sektorgemiddelde van 0,97. Navorsingspublikasie-uitset per kop word bereken deur ’n universiteit se totale getal publikasies deur sy werklike getal permanente akademiese personeellede (sowel onderrig- as navorsingspersoneel) te deel.

In die kategorie “**Geweegde navorsingsuitset**” was die US derde met 3,19 eenhede vergeleke met die gemiddelde van 1,91 vir alle universiteite. Die geweegde navorsingsuitsetaanwyser kombineer die publikasie-uitset met die getal navorsingsmagister- en doktorale gegradueerdes wat opgelewer is (beswaar met ’n faktor van 3). Die aanwyser word genormaliseer deur die totale eenhede deur die totale getal akademiese personeellede te deel.

Die DHOO het altesaam R4,9 miljard in navorsingsuitsetsubsidies vir die verslagtydperk 2019/20 toegeken. In sy voorwoord by die verslag skryf mnr Gwebinkundla Qonde, die direkteur-generaal van Hoër Onderwys en Opleiding, soos volg: “Ek besef dat ons **navorsingsbesteding** as ’n land sleg afsteek by baie ander stelsels. Dit is belangrik om navorsingsteun uit te brei, nie net ter wille van die akademie nie, maar ook vir die vooruitgang van Suid-Afrika.”

## 5.6 Navorsingskontrakverslae

Die span van Navorsingskontrakte in die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) het in Maart omvattende navorsingskontrakverslae aan alle fakulteite voorsien. Die verslae is ’n uitvloeisel van die institusionele projek vir geïntegreerde verslagdoening oor navorsingskontrakte, wat die US in 2017 met finansiering uit die Strategiese Fonds van stapel gestuur het.

Deur die projek bou ANO sy vermoë om navorsingskontrakinkomste op grond van ondertekende kontrakte in ’n bepaalde jaar te voorspel, sowel as om die indirekte kosteverhalingskoers te skat. Hierdie inligting is noodsaaklik vir institusionele begrotingsbeplanning en beleidvorming.

**Navorsingsrisiko**: Om te bepaal watter finansiële en kontraktuele risiko’s die COVID-19-inperking vir die US se navorsingsaanbod inhou wat navorsingstoekennings en -kontrakte betref, het die ANO ’n impakpeiling van stapel gestuur. Die peiling het op 30 April gesluit en ’n verslag is teen die middel van Mei aan die topbestuur en dekane beskikbaar gestel.

## 5.7 Nasionale beoordeling van doktorsgrade deur Raad op Hoër Onderwys

Die US het verlede jaar sy doktorsgrade aan die hand van die riglyne in die RHO se kwalifikasiestandaard vir doktorsgrade van 2018 geëvalueer en ’n institusionele selfevalueringsverslag (SEV) opgestel.

Op grond van ’n ontleding van doktorale kwalifikasies op alle terreine en vakgebiede beskryf die SEV die institusionele konteks en voorwaardes vir die aanbieding en toekenning van hierdie kwalifikasies by die US. Voorbeelde van beleide, regulasies en prosedures word ook voorsien as bewys van die US se voldoening aan die RHO-kriteria.

Die verslag lys gebiede waar die US glo sy doktorale kwalifikasies hetsy aan die vereistes voldoen of verbetering verg, sowel as huidige aksies om tekortkominge reg te stel en planne om gehalte te verbeter. Nadat die nodige institusionele goedkeuring bekom is, het die koördineerder van die doktorale beoordeling by die US die SEV op 31 Maart by die RHO ingedien (klik hier vir die verslag).

Aangesien sommige instellings nié hul SEV’s teen die uitgestelde sperdatum van middel-April ingedien het nie, en weens ontwrigtings as gevolg van COVID-19, het die RHO se beoogde opleiding van paneellede vir die institusionele beoordelings en terreinbesoeke nie gebeur nie. Nietemin, ongeag of die geskeduleerde US-terreinbesoek in Julie plaasvind of nie, moet die aktiwiteite en aksieplanne wat in die SEV beskryf word, voortgaan omdat die nasionale beoordeling van doktorsgrade nie afgestel is nie. Die beoordelingskoördineerder sal dus met fakulteite en ander rolspelers begin saamwerk om die geïdentifiseerde **planne vir gehalte- en ander verbeteringe** in werking te stel.


## 5.8 Nagraadse navorsingsfinansiering

Nagraadse finansiering by die US is deurslaggewend vir ons visie om Afrika se voorste navorsingsintensiewe universiteit te wees. Nogtans hou die huidige werklikhede van nagraadse finansiering ’n beduidende uitdaging vir hoëronderwysinstellings oor die hele Suid-Afrika in.

Die Universiteit se verslag oor nagraadse finansiering van 2019 het op ’n effense toename in algehele inkomste van R238 miljoen tot R240 miljoen gedui (met inbegrip van korporatiewe finansiering, eksterne bystand sowel as institusionele steun), terwyl die getal ondersteunde studente eweneens van 3 266 tot 3 308 gestyg het.

Die **Nasionale Navorsingstigting** (NNS), synde die hooffinansier van nagraadse studies aan die US, het met ingang van 2020 ’n **nuwe beleid** oor nagraadse finansiering in werking gestel. Die beleid bied volkoste- en gedeeltelike beurse op grond van streng kriteria op die gebied van billikheid en akademiese uitnemendheid. In die praktyk sal 90% van alle toekennings aan bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër-kandidate gaan, terwyl studente ook ’n gemiddelde van ten minste 65% in hulle vorige graad moes behaal het om vir steun in aanmerking te kom.

Die **afname in finansiering** deur die NNS word in die figuur hieronder uitgebeeld:




| | 2014 | 2015 | 2016 | 2017 | 2018 | 2019 | 2020 |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Magister | 156 | 125 | 180 | 166 | 141 | 100 | 80 |
| Doktoraal | 118 | 82 | 111 | 94 | 79 | 96 | 58 |

In reaksie op hierdie tendens het die Nagraadse Kantoor in vennootskap met fakulteite ’n **behoudbeurs** vir onsuksesvolle NNS-aansoekers ontwikkel en bekend gestel. Nietemin hou ’n afname in finansiële steun ’n aansienlike risiko vir die US in om ’n groeiende en florerende nagraadse kohort te werf en te behou.

### Nagraadse finansieringstoekennings vir 2020

Die US verwelkom ’n toekenning van R3 miljoen vir 2020 vanaf die **sektorale onderwys- en opleidingsowerheid vir onderwys-, opleidings- en ontwikkelingspraktyke**, in vennootskap met Universiteite Suid-Afrika (**USAf**). Die toekenning sal 73 honneursstudente ondersteun.

Ons is ook dankbaar vir ’n bewilliging van R2 miljoen deur die **Wilfred Metje-trust** vir studente in finansiële nood en diegene uit die “ontbrekende middel”.

Daarbenewens het die **Mandela Rhodes-stigting** die US vir 2020 met ses genote vereer – Delecia Davids, Gideon Basson, Phebe Keshinro, Thabani Mtsi, Eduard Beukman en Masego Mafata (van links na regs op die foto’s hieronder).



Die **Harry Crossley-stigting** het in vennootskap met die Lewis-stigting GreenMatter-beurse aan twee doktorale studente van die US toegestaan. Ancois de Villiers en Mosihla Mokumo het vroeër vanjaar met hulle drie jaar lange, ten volle gefinansierde navorsingsprojekte oor biodiversiteitsverwante onderwerpe begin. Boonop het die stigting sowat R4,8 miljoen beskikbaar gestel om 17 nuwe nagraadse studente en 16 terugkerende studente vir 2020 te finansier.

## 5.9 Open4Research

Deur die Afdeling Navorsingsontwikkeling (ANO) is die US ingeteken op die internasionale Open4Research-finansieringsportaal, wat toegang bied tot ’n enorme aantal internasionale navorsingsfinansieringsgeleenthede.

Open4Research lys meer as 7 000 fondse en dek die meeste navorsingsdissiplines. Die gebruikervriendelike koppelvlak stel navorsers en nagraadse studente van die US in staat om finansieringsoektogte van stapel te stuur én proaktiewe soekwaarskuwings te ontvang.

Om die US-navorsingsgemeenskap aan te moedig om van die Open4Research-platform gebruik te maak, het ANO onlangs ’n bemarkingsveldtog bekend gestel. Die veldtog het duidelik aan sy doel beantwoord: Besoeke aan die portaal het van Januarie tot Februarie met 400% toegeneem.

# TEMA 6: VOORKEURWERKGEWER

In ons *Visie 2040 en Strategiese Raamwerk 2019–2024* is ons mense ons eerste “instaatsteller” – ’n element “wat alles moontlik maak”. Wat personeel betref, is dit soos volg gekoppel aan ’n kern strategiese tema: “Ter ondersteuning van die US se visie, missie, waardes en strewes is dit noodsaaklik om die gesondheid en welstand van ons mense te ondersteun. In die US se strewe om die **voorkeurwerkgewer** te wees, beoog ons ’n instaatstellende omgewing wat die beginsels van medeskepping en gepaste deelname insluit en die kenmerke van ’n inklusiewe kampuskultuur vergestalt.”

## 6.1 nGAP by US

Die program vir ’n nuwe generasie akademici (nGAP) is ’n staatsinisiatief wat in 2015 van stapel gestuur is om die akademiese personeelkorps by Suid-Afrikaanse universiteite te diversifiseer. Die klem val op die aanstelling van bruin, swart Afrikaan-, Indiër- en Asiër- sowel as vroueakademici. Jong akademici word as deel van ’n ses jaar lange program gewerf om universiteite met hulle personeel- en ontwikkelingstrategieë te ondersteun.

Die US het vir fase 6 van die program ’n verdere vyf poste ontvang, wat ons **totale getal nGAP-poste** nou op **27** te staan bring. Die vyf nuwe poste is toegeken in die Sentrum vir Gesondheidsberoepsonderwys, die departemente Ekonomie en Prosesingenieurswese, die Afdeling Epidemiologie en Biostatistiek, en by die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool.

## 6.2 Menslike Hulpbronne-beoordeling

’n Eksterne beoordeling van die US se Afdeling Menslike Hulpbronne (MH) het in Augustus 2019 onder leiding van die konsultasiefirma Korn Ferry begin.

Onderhoude is met ’n omvattende, inklusiewe en verteenwoordigende groep belanghebbendes by ons instelling gevoer. Korn Ferry het daarna twee sakevoorstelle as aanbevole bedryfsmodelle aan die Rektoraat voorgelê, wat die voorstel getiteld “**Funksionele uitnemendheid**” goedgekeur het.

’n Bedryfsmodel, verslagdoeningslyne, MH-matriks en voorgestelde afdelingstruktuur is gevolglik afgehandel en op 21 April saam met Korn Ferry se aanbevelings by die Rektoraat ingedien. Die Rektoraat het kennis geneem van die voorlegging en versoek dat die finale fase van die proses voltooi word. Dít sal verdere besonderhede oor poste en die verbandhoudende profiele en bevoegdhede insluit.

## 6.3 Personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk 2019/20

Die tweede tweejaarlikse US-personeelopname oor welstand, kultuur en klimaat by die werk is teen die einde van verlede jaar onderneem. Menslike Hulpbronne sou aanvanklik kampusinligtingsessies koördineer om die opnameresultate bekend te maak, maar dít moes weens die COVID-19-inperking uitgestel word. Nietemin word ’n reeks video’s en dokumente tans in “episodes” voorberei om die resultate **aanlyn** aan personeellede oor te dra. Sodra ’n bepaalde omgewing se bestuurspan en personeellede ’n episode bestudeer het, sal personeel van Inligtingsoorsigbestuur aanlyn beskikbaar wees om dit te bespreek en vrae te beantwoord.

## 6.4 Taakgroep vir personeelerkenning en -aansporing

Die Rektoraat het teen die einde van 2019 ’n taakgroep opdrag gegee om ondersoek in te stel na, en verslag te doen oor, verskillende maniere om personeel op verskeie posvlakke en in verskeie poskategorieë aan te spoor om onbaatsugtige diens te lewer en uit te blink. Die span het op 21 April ’n vorderingsverslag aan die Rektoraat voorgelê en kommentaar en terugvoer ontvang. Dít sal nou by ’n finale verslag ingesluit word, wat die institusionele gesprek oor personeelvergoeding, -aansporing en -erkenning sal rig teen die agtergrond van die Universiteit se strewe om ’n voorkeurwerkgewer te wees.

## 6.5 Aanstellings en prestasies

Die Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool het **prof Mark Smith**, tans dekaan van akademiese personeel by die Grenoble Ecole de Management in Frankryk, met ingang van Oktober 2020 as sy nuwe direkteur aangestel. Voor sy pos in Frankryk was prof Smith verbonde aan Manchester-bestuurskool in die VK. Hy dien ook in die koördineringspan vir die Europese Netwerk van Kenners oor Geslagsgelykheid. Sowel USB as prof Smith se huidige skool beskik oor die drie groot internasionale bestuurskoolakkreditasies – AACSB, EQUIS en AMBA. Smith neem oor by prof Piet Naudé, wat besluit het om sy sabbatsverlof vir navorsing in 2021 te benut, wat sy laaste amptelike diensjaar voor uittrede sal wees.

Die Raad op Hoër Onderwys het **dr Choice Makhetha**, die US se senior direkteur van Studentesake, vir ’n termyn van drie jaar in sy komitee oor institusionele oudits aangestel. Haar bydraes sal belangrik wees om gehalteversekering in die hoër onderwys te help institusionaliseer. Terselfdertyd kan die US baat vind by die ervaring en blootstelling wat sy sodoende opdoen.

**Me Katlego Letlonkane** is op 1 Maart as Programbestuurder: Vermoëbou in die Departement van Diensbillikheid en Diversiteitsbevordering in ons Afdeling Menslike Hulpbronne aangestel. Sy sal aan die stuur staan van ons Siyakhula-vermoëbouprogram op die gebied van transformasie, diversiteit en diensbillikheid. Me Letlonkane het aan die Universiteit van Johannesburg regte studeer en haar LLM in Arbeidsreg aan die Universiteit van Kaapstad verwerf. Sy beskik ook oor ’n MA in Kritiese Diversiteitstudies van Wits. Voordat sy haar by die US aangesluit het, het sy as ’n prokureur gepraktiseer en as ’n konsultant gewerk.

**Prof Thuli Madonsela** is ingesluit by Forbes Afrika se lys van die 50 magtigste vroue. Dié lys bestaan uit vroue uit die sakesektor, politiek, media, wetenskap, sport en die openbare lewe wat die status quo bevraagteken deur die geskiedenis te herskep, ongelykhede uit die weg te ruim en baanbrekerswerk vir sosiale geregtigheid te doen. Prof Madonsela het as Suid-Afrika se Openbare Beskermer gedien voordat sy in 2018 as bekleër van die US se leerstoel in sosiale geregtigheid in die Fakulteit Regsgeleerdheid aangestel is.

**Prof Keymanthri Moodley**, direkteur van die Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg in ons Fakulteit Geneeskunde en Gesondheidswetenskappe, is in die sportwetenskap-en-navorsingswerkgroep van die Internasionale Paralimpiese Komitee aangestel. Sy sluit haar aan by US-kollega **prof Wayne Derman**, direkteur van ons Instituut vir Sport- en Oefeninggeneeskunde, terwyl **dr Debra Alexander**, buitengewone senior dosent in die US se Departement Psigiatrie, as voorsitter van die werkgroep optree. Nuus van dié aanstelling kom teen die agtergrond van die US se verklaring van 2020 as die Jaar vir Persone met Gestremdheid, wat ’n hoogtepunt sal bereik met die sesde konferensie van die Afrikanetwerk vir Bewyse-tot-Aksie in Gestremdheid (AfriNEAD) teen die einde van die jaar.

Drie US-navorsers is in Mei deur die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns vereer. **Prof André Weideman** van Wiskundige Wetenskappe het die Havengaprys vir Fisiese Wetenskappe ontvang, en Bedryfsingenieurswese se **prof Jan van Vuuren** die Douw Greeff-prys vir ’n navorsingsartikel van hoogstaande wetenskaplike gehalte. **Prof Matilda Burden** van die US Museum is met ’n erepenning vereer vir haar bydrae tot die bevordering van die vakgebied van geskiedenis.

**Prof Dave Richardson** van die Sentrum vir Indringerbiologie (SIB) het 'n groot toekenning van die Harry Oppenheimer-trust ontvang. Die toekenning is bedoel vir nagraadse studentenavorsing by die SIB, en om die span se nasionale en internasionale samewerking en veldwerk te ondersteun.

## SLOT

Ondanks die ontwrigtende uitwerking van die nasionale ramptoestand en die inperking, is die **akademiese projek by die US sterk op koers**, soos die talle opwindende suksesse en hoogtepunte in hierdie verslag toon. Ek dra graag my diepste **waardering oor aan die Raad**, wat ons deurgaans ondersteun en die bestuur in staat gestel het om die ongekende uitdagings van die afgelope paar maande met die nodige soepelheid en spoed te hanteer. Een ding is seker: Die US sal **sterker as ooit** aan die ander kant van hierdie moeilike en veeleisende tyd uitkom. Span Universiteit Stellenbosch het afdoende bewys gelewer van sy vaste voorneme om saam vorentoe te beweeg.



**Prof Wim de Villiers,**
**Rektor en Visekanselier**

# BYLAAG: MENINGSARTIKELS EN RUBRIEKE

## Meningsartikels (25 Feb tot 14 Mei 2020)

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Aldon Barend | BA-student (Spraak-Taal- en Gehoorterapie) | 'Tazne se dood is ook jou skuld, Cyril' | Netwerk24 (26 Feb) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Jonathan Jansen is korrek: Hy verstaan nie die "bohaai oor Afrikaans" nie | LitNet (26 Feb) |
| Johan Steyn & Prof Suzette Viviers | Ondernemingsbestuur | BlackRock moving away from outlays in fossil fuel or 'dirty' industries | Business Live (27 Feb) |
| Prof Brenda Schmahmann<br><br>Prof Federico Freschi<br><br>Lize van Robbroeck | Universiteit van Johannesburg<br><br>Universiteit van Chicago<br><br>Visuele Kunste | How art helped construct Afrikaner nationalism in apartheid South Africa | The Conversation (27 Feb) |
| Drs Nic Spaull & David Carel | Ekonomie | Tito's business unusual | Financial Mail (27 Feb) |
| Prof Johann Kirsten | Buro vir Ekonomiese Ondersoek (BEO) | Die éintlike dilemma met SA se grondhervorming | Vrye Weekblad (28 Feb) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | The society we seek to have | City Press (1 Mrt) |
| Tian Alberts | LLB-student | Beveg sensuur van onverdraagsames | Rapport (1 Mrt) |
| Drs Tashnica Sylvester & Wynand Goosen | Molekulêre Biologie en Mensgenetika | When human diseases trample on animal health | Cape Argus (2 Mrt) |
| William Sezoe | BEd-student | Afrikaans: Die nuwe Aspoestertjie op Stellenbosch? | Netwerk24 (2 Mrt) |
| Prof Michael Samways | Bewaringsekologie en Entomologie | Weaving insect wildlife back into the tapestry of life | The Conversation (2 Mrt) |
| Dr Michelle Nel | Sekerheidsinstituut vir Staatsbestuur en Leierskap in Afrika (SIGLA) | Bringing al-Bashir to justice: the pros and cons of various options | The Conversation (2 Mrt) |
| Prof Mark Tomlinson<br><br>Prof Asha George<br><br>Dr Tanya Doherty | Globale Gesondheid<br><br>Universiteit van Wes-Kaapland<br><br>Suid-Afrikaanse Mediese Navorsingsraad | Drastic action is needed to ensure a better future for South Africa's children | The Conversation (3 Mrt) |
| Alwyn van der Merwe | BCom LLB-student | 'Sit jou foon weg, maak jou oë toe en luister na mekaar' | Netwerk24 (3 Mrt) |
| William Sezoe | BEd-student | Wat die hart van vol is | Kuier (4 Mrt) |
| Elita Boning | BSc-student (Menslike Wetenskappe) | 'Wat is die doel van 'n verhouding sonder 'n troue aan die einde?' | Netwerk24 (6 Mrt) |
| Hugo Pienaar | BEO | Covid-19 trek die strop stywer om SA se reeds wurgende ekonomie | Vrye Weekblad (6 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Warmste plek gehou vir swygers, toekykers | Beeld (7 Mrt) |
| Prof Solosh Pillay<br><br>Dr Chris Jones | Ekonomiese en Bestuurswetenskappe<br><br>Morele Leierskap | Moral leadership is essential for curbing corruption | Mail & Guardian (7 Mrt) |
| Prof Juliana Claassens | Ou Testament | Women's lives (often told) in brackets … | News24 (8 Mrt) |
| Danéll Theron | BA-student (Geesteswetenskappe) | 'Anoreksia het aan liefde betekenis gegee' | Netwerk24 (9 Mrt) |
| Dr Martin Gustafsson | Ekonomie | New evidence supports the belief that South Africa's education is not all bad | The Conversation (11 Mrt) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Getting to the root of SOE issues | Financial Mail (12 Mrt) |
| Prof Mark Swilling | Komplekse Sisteme in Transisie | There's hope, if we wake up to today's evolutionary potential | The Conversation (12 Mrt) |
| Dr Julia Meitz-Hopkins | Plantpatologie | Higher temperatures increase risk of apple scab infection | Farmer's Weekly (13 Mrt) |
| Kyna Wiessenaar | BEd-student | 'Pasop vir dit-is-amper-Valentynsdag-boulevard' | Netwerk24 (13 Mrt) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Lize Barclay | US Bestuurskool | Embracing technology in response to Covid-19 | Pretoria News (14 Mrt) |
| Prof Cas Wepener<br><br>Dr Nicolas Matthee | Praktiese Teologie en Missiologie<br><br>Universiteit van Pretoria | Kubernagmaal vir virustyd | Die Burger (18 Mrt) |
| Prof Ronelle Burger | Ekonomie | Navigating social solidarity in a time of social distancing | Daily Maverick (19 Mrt) |
| Herschelle Benjamin | Magisterstudent (Drama en Teaterstudie) | Die kunste in die tyd van COVID-19 | LitNet (19 Mrt) |
| Herschelle Benjamin | Magisterstudent (Drama en Teaterstudie) | 'n Eksistensiële krisis, 'n dagboek en 'n paar clichés | Netwerk24 (20 Mrt) |
| Dr Melike Fourie | Historiese Trauma en Transformasie | Take a hard look inside yourself | Mail & Guardian (20 Mrt) |
| Prof Sandra Liebenberg | HF Oppenheimer-leerstoel in Menseregte | Covid-19 and the critical importance of achieving socio-economic rights | Daily Maverick (20 Mrt) |
| Dr Chris Jones | Morele Leierskap | Let's honour those who paid the highest price | Cape Argus (20 Mrt) |
| Prof Gideon Wolfaardt & Marlene de Witt | US Waterinstituut | Don't take good-quality drinking water for granted | News24 (22 Mrt) |
| Dr Nic Spaull | Ekonomie | Government needs to come up with a plan to help poor families now that schools are shut | Business Live (22 Mrt) |
| Jacolette du Plessis | BEd-student | 'Jy studeer mos maar net onderwys' | Netwerk24 (23 Mrt) |
| Prof George Claassen | Joernalistiek | Press Council's appeal decision a victory for accurate science reporting and for countering quackery around Covid-19 | News24 (24 Mrt) |
| Prof Renata Schoeman | US Bestuurskool | A survival guide to working from home during lockdown | Fin24 (25 Mrt) |
| Nina Callaghan & Prof Mark Swilling | Komplekse Sisteme in Transisie | Covid-19: Economic impact on East and southern Africa | Daily Maverick (27 Mrt) |
| Prof Cas Wepener<br><br>Dr Nicolas Matthee | Praktiese Teologie en Missiologie<br><br>Universiteit van Pretoria | Kuberbegraafplase en -pelgrimstogte in die tyd van corona | Vrye Weekblad (27 Mrt) |
| Prof Nuraan Davids | Opvoedingsbeleidstudie | Maybe the coronavirus will set SA on a path to a more equitable education system | News24 (27 Mrt) |
| Nicola Theron | Ekonomie | How exemptions to the Competition Act help the fight against coronavirus | Fin24 (27 Mrt) |
| Hugo Pienaar | BEO | HKGK: Hier Kom Groot Krisis | Vrye Weekblad (27 Mrt) |
| Marlies Piek<br><br>Prof Johann Kirsten | PhD-student (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe)<br><br>BEO | Kommersiële boere in SA: Dís die status quo | Landbouweekblad (27 Mrt) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | Woorde raak ook helend aan | Netwerk24 (28 Mrt) |
| Prof Johann Kirsten<br><br>Wandile Sihlobo | BEO<br><br>Suid-Afrikaanse Landbousakekamer | Which farmers will benefit from emergency aid, and who will need it? | Business Live (29 Mrt) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Is this our shift moment? | City Press (29 Mrt) |
| Dr Nathan Geffen | Sentrum vir Wetenskap- en Tegnologiemassakommunikasie | How many people could die of Covid-19 in South Africa? | GroundUp (29 Mrt) |
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | The war on microbes — we are getting better at it | Businesslive (30 Mrt) |
| Prof Alex Welte | Suid-Afrikaanse Sentrum vir Epidemiologiese Modellering en Analise (SACEMA) | Covid-19: What happens after the lockdown? | GroundUp (31 Mrt) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | Snellers in die klaskamer – wanneer is 'n veilige ruimte veilig? | LitNet (31 Mrt) |
| Dr Michele van der Merwe<br><br>Marné Pedro | Kurrikulumstudie<br><br>La Rochelle | Nasionale inperking: Só kan Afrikaansonnies aanlyn onderrig | LitNet (31 Mrt) |
| William Sezoe | BEd-student | Hoekom word Afrikaans nog so gehaat? | Netwerk24 (1 Apr) |
| Prof Aslam Fataar | Opvoedingsbeleidstudie | Prostration to Allah and acquiring adab in the fight against COVID-19 | Muslim Views (1 Apr) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Ashraf Kagee | Sielkunde | Looking after your mental health during the coronavirus crisis | Health24 (1 Apr) |
| Prof André Roux | US Bestuurskool | COVID-19: Possible alternative futures for South Africa | Accountancy SA (1 Apr) |
| Prof André Roux | US Bestuurskool | How (not) to think about the future | Accountancy SA (1 Apr) |
| Prof Lindy Heinecken | Sosiologie en Sosiale Antropologie | COVID-19: South Africa's neglected military faces 'mission impossible' | The Conversation (2 Apr) |
| Prof Stella Viljoen | Visuele Kunste | The pauses inbetween: Art in a time of malady | Stellenbosch Visio (2 Apr) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Covid-19: Exams should not be our main focus now | Daily Maverick (2 Apr) |
| Prof Keymanthri Moodley | Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg | Gita Ramjee: a woman who pursued science for the greater good | The Conversation (2 Apr) |
| Dominic Ayegba Okoliko | PhD-student (Ekonomiese en Bestuurswetenskappe) | COVID-19: Nigerian elite should be held accountable | Punch (2 Apr) |
| Hugo Pienaar | BEO | Krisis wys die keiser is kaal | Vrye Weekblad (3 Apr) |
| Dr Francois Cleophas | Sportwetenskap | Covid-19 \| How cultural and social injustices in sport remain undetected in pandemics | Sport24 (3 Apr) |
| Dr Morné Mostert | Instituut vir Toekomsnavorsing | How a new philanthropy model could help small businesses survive | News24 (6 Apr) |
| Anandi de Witt | MBChB-student | 'Daar is nou geen plek vir selfsug' | Netwerk24 (7 Apr) |
| Prof Portia Jordan | Verpleeg- en Verloskunde | Coronavirus: Nurses deliver care with compassion, grit and courage | News24 (7 Apr) |
| Prof Keymanthri Moodley | Sentrum vir Mediese Etiek en die Reg | Tough choices about who gets ICU access: the ethical principles guiding South Africa | The Conversation (7 Apr) |
| Dr Lee-Ann Steenkamp | US Bestuurskool | COVID-19 tax relief: a snapshot of what's out there | The Conversation (8 Apr) |
| Marcus Low<br><br>Dr Nathan Geffen | Universiteit van Kaapstad<br><br>Sentrum vir Wetenskap- en Tegnologiemassakommunikasie | Covid-19: What do South Africa's numbers mean? | GroundUp (8 Apr) |
| Prof Wilhelm Jordaan | Siekunde | Korona-krisis gee ons stilte, tyd en ruimte | Netwerk24 (8 Apr) |
| Dr Wilhelm Verwoerd | Historiese Trauma en Transformasie | Are we also perpetuators? Unlocking this Good Friday through Black Christ | News24 (9 Apr) |
| Dr Kerrin Begg | Gesondheidsisteme en Publieke Gesondheid | COVID-19: The science and policy calculous behind SA's new mask recommendations | Spotlight (11 Apr) |
| Mart-Marié Serfontein | LLB-student | Kom van daai stoel af en swot 'n bietjie | Netwerk24 (14 Apr) |
| Dr Marina Joubert<br><br>Dr Jenni Metcalfe | Sentrum vir Navorsing oor Wetenskap, Evaluasie en Tegnologie (SENWET)<br><br>Nasionale Universiteit van Australië | Three key drivers of good messaging in a time of crisis: expertise, empathy and timing | The Conversation (14 Apr) |
| Vuyiseka Dubula<br><br>Tracey Naledi | Afrikasentrum vir MIV/vigs-bestuur<br><br>Desmond Tutu MIV-stigting | Covid-19 opens a window of opportunity to roll out mass testing for other diseases | Daily Maverick (15 Apr) |
| Dr Jess Auerbach | Nadoktorale genoot (Lettere en Sosiale Wetenskappe) | Micro kindnesses are laying the foundations for a transformed South Africa | Daily Maverick (15 Apr) |
| Prof Faadiel Essop | Sentrum vir Kardiometaboliese Navorsing in Afrika (CARMA) | Building Carma: Matters of the heart and its diseases | Mail & Guardian (17 Apr) |
| Hugo Pienaar | BEO | Slim-vang-sy-baas-politici moet kenners waardeer | Vrye Weekblad (17 Apr) |
| Prof Steven Robins | Sosiologie en Sosiale Antropologie | Beyond the emergency: 'Slow catastrophes' after Covid-19 | Daily Maverick (20 Apr) |
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Virus wys ons het steeds 2 nasies in 'n verskeurde land | Netwerk24 (21 Apr) |
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Luister na méér stemme | Netwerk24 (22 Apr) |
| Dr Stephanie Vos | Africa Open-instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie | How South Africa's jazz musicians are making the digital leap | The Conversation (23 Apr) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Arnold Schoonwinkel<br><br>Dr Antoinette van der Merwe<br><br>Miné de Klerk | Viserektor: Leer en Onderrig<br><br>Leer- en Onderrigverryking<br><br>Sentrum vir Leertegnologieë | Navigating uncertainty in the move to online learning | University World News (23 Apr) |
| Prof Faadiel Essop | CARMA | The Covid-19 'infodemic' and why conspiracy theories are extremely dangerous | News24 (23 Apr) |
| Ian Michler | Volhoubaarheidsinstituut | In urgent need of an environmental ethic | Daily Maverick (23 Apr) |
| Dr Lungiswa Nkonki | Globale Gesondheid | Access to clean water, proper sanitation crucial in Covid-19 battle | News24 (24 Apr) |
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | Digitale geskiedenis kan help om huidige probleme op te los | Netwerk24 (25 Apr) |
| Prof Cas Wepener | Praktiese Teologie en Missiologie | As stilte soos 'n kanker groei | Netwerk24 (25 Apr) |
| Prof Suzette Viviers<br><br>Dr Colin Habberton | Ondernemingsbestuur<br><br>Relativ Group | Covid-19 may create an investor culture of care and responsibility | Business Day (25 Apr) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Covid-19 exposes how unfree we all still are | Mail & Guardian (26 Apr) |
| Dr Chris Jones | Morele Leierskap | Healthcare inequality | City Press (26 Apr) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | What if the poor mattered? | City Press (26 Apr) |
| Prof André Roux | US Bestuurskool | The Great Recession looms in South Africa's future | Mail & Guardian (27 Apr) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | *Die Son Struikel*, Aurelius en aanlyn-oordaad | LitNet (28 Apr) |
| Dr Zelda Barends | Kurrikulumstudie | The writing should be on the wall for our children | Cape Argus (28 Apr) |
| Prof Geo Quinot | Publiekreg | Regulatory justification and coordination in South Africa | The Regulatory Review (29 Apr) |
| Prof Wim de Villiers | Rektor en Visekanselier | Aanlyn onderrig: Die begin van 'n nuwe era | Netwerk24 (29 Apr) |
| Prof Dion Forster | Sistematiese Teologie en Ekklesiologie | When a pandemic makes the impossible, possible | Counterpoint (29 Apr) |
| Dr Lungiswa Nkonki<br><br>Prof Sharon Fonn | Globale Gesondheid<br><br>Universiteit van die Witwatersrand | COVID-19 shows that where there is political will there is a way to work across sectors | The Conversation (29 Apr) |
| Prof Nuraan Davids | Opvoedingsbeleidstudie | Schools should be custodians of democratic citizenship education | News24 (29 Apr) |
| Nina Callaghan & Prof Mark Swilling | Komplekse Sisteme in Transisie | Post-Covid-19 crisis pathways: Choices for Africa's enduring economic recovery | Daily Maverick (30 Apr) |
| Boitumelo Tlhoaele | Africa Open-instituut vir Musiek, Navorsing en Innovasie | Missing gold treasure: The void that is the South African jazz archive | Mail & Guardian (30 Apr) |
| Prof Johann Kirsten<br><br>Wandile Sihlobo | BEO<br><br>Suid-Afrikaanse Landbousakekamer | Só gaan Covid-19 die landbou raak | Landbouweekblad (30 Apr) |
| Hugo Pienaar | BEO | Covid-19: Implikasies vir ekonomie selfs erger as drie weke gelede | Vrye Weekblad (1 Mei) |
| Dr Ines Buccimazza<br><br>Dr Jenny Edge | Universiteit van KwaZulu-Natal<br><br>Bors- en Endokriene Eenheid | How Covid-19 is impacting on cancer care in SA | Daily Maverick (1 Mei) |
| Prof Lizette Rabe | Joernalistiek | To our students: A message of hope, all shall be well | News24 (2 Mei) |
| Karel van der Vyver | LLB-student | Virus wys ons wat alles moontlik is, én hoe gou | Netwerk24 (4 Mei) |
| Proff Michael Wingfield & Brenda Wingfield<br><br>Dr Casparus Crous | Universiteit van Pretoria<br><br>Bewaringsekologie en Entomologie | Tree diseases can change entire landscapes and must be taken seriously | The Conversation (4 Mei) |
| Prof Stan du Plessis<br><br>Dr Malan Rietveld | Bedryfshoof<br><br>Onafhanklike ekonoom | Reserve Bank should keep stepping in to maintain financial stability during Covid-19 | Business Live (4 Mei) |

| OUTEUR | VAN (omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE (klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Steven Robins | Sosiologie en Sosiale Antropologie | Is the lockdown authoritarian creep or 'proportionate response'? | Daily Maverick (4 Mei) |
| Frederik van Dyk | Magisterstudent (Regte) | Hokaai met jou barmhartigheidsprojek! | LitNet (4 Mei) |
| Prof Renata Schoeman | US Bestuurskool | Achieving a healthy nation requires more than universal free healthcare | Mail & Guardian (5 Mei) |
| Prof Shaheen Mehtar<br><br>Prof Lucille Blumberg<br><br>Prof Marc Mendelson | Eenheid vir Infeksievoorkoming en -beheer<br><br>Universiteit van die Witwatersrand<br><br>Universiteit van Kaapstad | African countries are moving to make masks mandatory: key questions answered | The Conversation (5 Mei) |
| Prof Willem Boshoff | Sentrum vir Mededingingsreg en Ekonomie | The case for avoiding price controls in times of crisis: they don't work | The Conversation (6 Mei) |
| Dr Jeanette de Klerk-Luttig | Morele Leierskap | Legkaartbou en brei in die grendeltyd | LitNet (7 Mei) |
| Dr Jess Auerbach<br><br>Prof Nina Hall | Nadoktorale genoot (Lettere en Sosiale Wetenskappe)<br><br>Johns Hopkins SAIS Europe | A new approach to social sciences, humanities in a time of crisis | University World News (7 Mei) |
| Dr Marina Joubert | SENWET | Comics and cartoons are a powerful way to teach kids about COVID-19 | The Conversation (7 Mei) |
| Prof Guy Midgley<br><br>Dr Robert Scholes, Prof Francois Engelbrecht & Prof Jennifer Fitchett<br><br>Dr Pedro Monteiro & Prof Pravesh Debba<br><br>Prof Albertus Smit<br><br>Dr Neville Sweijd | Plant- en Dierkunde<br><br>Universiteit van die Witwatersrand<br><br>Wetenskaplike en Nywerheidnavorsingsraad<br><br>Universiteit van Wes-Kaapland<br><br>Toegepaste Sentrum vir Klimaat- en Aardstelselswetenskap (ACCESS) | Choices in a fog of uncertainty: lessons for coronavirus from climate change | The Conversation (7 Mei) |
| Inge Kuchar | Arbeidsterapiestudent | 'Dís hoekom ek 'n arbeidsterapeut wil word' | Netwerk24 (8 Mei) |
| Prof Suzette Viviers<br><br>Prof Eon Smit | Ondernemingsbestuur<br><br>US Bestuurskool | How investment managers are really voting at shareholder meetings | Fin24 (9 Mei) |
| Dr Gustav Hendrich | Geskiedenis | 'n Woud, 'n slenter en Nazi-trots | Netwerk24 (9 Mei) |
| Prof Servaas van der Berg | Ekonomie | Poverty rises, inequality shifts as Covid-19 impact continues unabated | News24 (10 Mei) |
| Dr Martin Gustafsson | Ekonomie | What the shifting evidence on Covid-19 means for school reopenings in SA | Daily Maverick (10 Mei) |
| Prof Thuli Madonsela | Sosiale Geregtigheid | Leadership will determine if we emerge better or worse post Covid-19 | News24 (10 Mei) |
| Dr Harlan Cloete | Skool vir Publieke Leierskap | Covid-19 pandemic offers municipalities rare opportunity to restore trust | Mail & Guardian (11 Mei) |
| William Sezoe | BEd-student | 'Onderwysers kan eiehandig die land verander' | Netwerk24 (11 Mei) |
| Prof Wim de Villiers<br><br>Prof Eugene Cloete | Rektor en Visekanselier<br><br>Viserektor: Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie | President Ramaphosa's latest announcement on the lockdown is too little, too late | Daily Maverick (14 Mei) |
| Prof Tania Ajam<br><br>Dennis Davis | Skool vir Publieke Leierskap<br><br>Mededingingsappèlhof | Unprecedented tax collapse endangers post-Covid recovery | Daily Maverick (14 Mei) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Dr Vic McKinney<br><br>Dr Emma McKinney<br><br>Prof Leslie Swartz | Universiteit van Kaapstad<br><br>Universiteit van Wes-Kaapland<br><br>Sielkunde | Deciding whose lives really matter in a pandemic | Mail & Guardian (14 Mei) |
| Prof Ralph Hamann, Dr Annika Surmeier & Jody Delichte<br><br>Prof Scott Drimie | Universiteit van Kaapstad<br><br>Menslike Voeding | Local networks can help people in distress: South Africa's COVID-19 response needs them | The Conversation (14 Mei) |
| Karel van der Vyver | LLB-student | Geheime liefde in apartheid blom vandag nog | Netwerk24 (14 Mei) |
| Dr Nic Spaull | Ekonomie | Back to school: The evidence is clear – start with the young | Daily Maverick (14 Mei) |

## Rubrieke (25 Feb tot 14 Mei 2020)

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Johan Fourie | Ekonomie | How naps can boost economic growth | Finweek (6 Mrt) |
| | | Battling Bacchus and human behaviour | Fin24 (17 Mrt) |
| | | Ekonomie in tye van korona | Netwerk24 (27 Mrt) |
| | | Belegging op lang termyn | Finweek (7 Mei) |
| Prof Amanda Gouws | Politieke Wetenskap | SA boer agteruit met vroueregte | Netwerk24 (10 Mrt) |
| | | Korona se harde en nodige lesse | Netwerk24 (24 Mrt) |
| | | Inperking het sy voor- én nadele | Netwerk24 (7 Apr) |
| | | Korona belig die vermoë-gebreke | Netwerk24 (21 Apr) |
| | | Beskerm mekaar tydens inperking | Netwerk24 (5 Mei) |
| Prof Jonathan Jansen | Opvoedkundige Sielkunde | Here's how SA's brightest youngsters fall through the cracks | Times Live (28 Feb) |
| | | Pipe dreams: Tito's hubbly bubbly budget for education | Times Live (6 Mrt) |
| | | How viruses and violence will change the way we deliver education | Times Live (12 Mrt) |
| | | Closing schools just means poor kids bear the brunt of the virus | Times Live (19 Mrt) |
| | | Selfishness kills, and priests and politicians feed the deadly contagion | Times Live (26 Mrt) |
| | | The upsides to a pandemic: from jobs to teaching, it's not all bad news | Times Live (2 Apr) |
| | | Let's face facts, the 2020 school year is lost. So what to do? | Times Live (9 Apr) |
| | | Let's learn our virus lesson and fix what we teach | Times Live (16 Apr) |
| | | Eat, play, live: a Grade 12 guide to surviving the year of the pandemic | Times Live (23 Apr) |
| | | There's no use reopening schools if there are no teachers | Times Live (30 Apr) |
| | | Sums of our fears: why sending kids back to school is a terrible idea | Times Live (7 Mei) |
| | | Here's the kind of leadership SA actually needs from Cyril | Times Live (14 Mei) |
| Prof Nico Koopman | Viserektor: Sosiale Impak, Transformasie en Personeel | Meer as ooit 'n tyd vir geloof, liefde en hoop | Netwerk24 (18 Mrt) |
| | | Heilige Week in 'n tyd van korona-krisis | Netwerk24 (8 Apr) |
| | | Ons benodig dié deugde in besluitneming | Netwerk24 (6 Mei) |
| | | Saamstaan gee krag in hierdie weerlose tye | Netwerk24 (13 Mei) |

| OUTEUR | VAN<br>(omgewing of afdeling) | OPSKRIF | PUBLIKASIE<br>(klik vir artikel) |
|---|---|---|---|
| Prof Michael le Cordeur | Kurrikulumstudie | Dit is tyd om die land se onderwys weer heel te maak | Netwerk24 (3 Mrt) |
| | | Koronaviruss dalk 'n geleentheid vir selfontwikkeling | Netwerk24 (17 Mrt) |
| | | Ouers, herontdek nou jou rol as die primêre opvoeder | Netwerk24 (31 Mrt) |
| | | Covid-19 wys ons is nog nie gereed vir dié revolusie | Netwerk24 (14 Apr) |
| | | Maak ons skole weer die hart van die gemeenskap | Netwerk24 (28 Apr) |
| | | Die kans om die onderwysjaar te red al hoe skraler | Netwerk24 (12 Mei) |
| Prof Reggie Nel | Dekaan: Teologie | 'n Oomblik vir omdraai en mekaar koester | Beeld (18 Mrt) |
| | | Sal ons saam met 'n nuwe toekoms stap? | Beeld (29 Apr) |
| Deidre Samson | Instituut vir Toekomsnavorsing | CEOs currently seem adrift | Eikestadnuus (27 Feb) |
| Prof Anton van Niekerk | Filosofie | Wen terug die SA middelgrond | Netwerk24 (3 Mrt) |
| | | Drankverbod nie deurdink | Netwerk24 (17 Mrt) |
| | | Pes wat in die donker wandel | Netwerk24 (31 Mrt) |
| | | Sluit die afsluiting nou af | Netwerk24 (14 Apr) |
| | | Cyril moet besef risiko is nódig | Netwerk24 (28 Apr) |
| | | Maskers van vrees | Netwerk24 (12 Mei) |
| Dr Leslie van Rooi | Senior Direkteur: Sosiale Impak en Transformasie | Poppie Nongena en die misdaad van apartheid | Netwerk24 (26 Feb) |
| | | Korona: Universiteite en die Covid-19-pandemie | Netwerk24 (19 Mrt) |
| | | Moeilike tye laat ons dalk werklikheid verstaan | Netwerk24 (20 Apr) |
| | | Dit lyk asof ons minder op mekaar skel in die tyd van Covid-19 | Netwerk24 (30 Apr) |

## MEDEWERKERS

Hierdie verslag is saamgestel deur **Desmond Thompson**, Senior Kommunikasiespesialis: Uitvoerende Bestuur, in oorleg met **prof Wim de Villiers**, Rektor en Visekanselier, en **Mohamed Shaikh**, Uitvoerende Bestuurder: Rektoraat. Die **US Taalsentrum** het die redigeer- en vertaalwerk deur hulle medewerker **Hendrien Swanepoel** gefasiliteer. Ons erken ook graag die volgende medewerkers, wat alfabeties volgens US-omgewing gelys word:

**Biblioteek- en Inligtingsdiens**: Ilse de Lange

**Fasiliteitsbestuur:** Dr Viljoen van der Walt, Japie Engelbrecht, Francois Swart, Nicolette van den Eijkel

**Finansies**: Manie Lombard, Liesel Grobbelaar, Karen Strauss

**Informasietegnologie**: Attie Juyn, Sonja van der Westhuizen, Zenobia Davidse, Johann Kistner, Ralph Pina, Alan Thom

**Inligtingsoorsigbestuur:** Prof Ian Cloete, dr Alten du Plessis, Leon Eygelaar, Loumarie Kistner, Carla Kroon, René Robbertze, Jerall Toi, dr Wilhelm Uys

**Innovus/SUNKOM**: Anita Nel, Hein Swanepoel, Stefan du Toit

**Kantoor van die Bedryfshoof**: Prof Stan du Plessis, Petro Mostert

**Korporatiewe Kommunikasie:** Dr Alec Basson, Marguerite Cloete, Candes Keating, Susan van der Merwe, Martin Viljoen, Rozanne Engel

**Leer- en Onderrigverryking**: Dr Antoinette van der Merwe, André Müller, Maya Sutherland, Allison Mlitwa, dr JP Bosman, dr Sonja Strydom, Zainab Suliman, Magda Barnard, Miné de Klerk, dr Melanie Skead, dr Nicoline Herman, dr Hanelie Adendorff, Veronica Kleinsmith, Jean Farmer, dr Anthea Jacobs, Claudia Swart-Jansen van Vuuren, Charmaine van der Merwe, dr Kim Wallmach, dr Alta van Rensburg, dr Kabelo Sebolai, Christine Joubert, Juanli Theron, Eduard de Kock

**Maties Sport**: Ilhaam Groenewald

**Navorsingsontwikkeling:** Nugent Lewis, Dorothy Stevens, Lizel Kleingbiel, dr Therina Theron, Maryke Hunter-Husselmann, Dalene Pieterse, Aasima Gaffoor, Cornelia Malherbe, Malene Fouche

**Ontwikkeling en Alumnibetrekkinge**: Karen Bruns, Sarah Archer, Shaun Stuart, Anel de Villiers

**Registrateursafdeling:** Dr Ronel Retief, Farah Fredericks, Ashmind Daniels, Lazelle Bonthuys, Tarien Jacobs

**Strategiese Inisiatiewe**: Dr Barbara Pool

**Studentesake**: Benita van Zyl, dr Elmien Sinclair, dr Marcia Lyner-Cleophas, dr Munita Dunn-Coetzee, Jethro Georgiades, Monica du Toit, Anele Mdepa, Jaco Brink, Marquard Timmey, Pieter Kloppers, Riana Engelbrecht, Monique Withering, JC Landman

**Studentetoegang**: Christelle Feyt, dr Celeste Nel, Leon van den Heever, Jonathan Blanckenberg, Michelle Swart, Arrie Hanekom

**US Internasionaal**: Kirwan Adams, Anisa Khan, Robert Kotzé, Sarah van der Westhuizen, Alecia Viljoen, Joe Warren

**Universiteit van Stellenbosch Bestuurskool**: Amber Viviers

**Verantwoordelikheidsentrum (VS) Leer en Onderrig**: Prof Arnold Schoonwinkel, Maretha Joyce

**VS Navorsing, Innovasie en Nagraadse Studie**: Prof Eugene Cloete, Inge-Rae Scholtz

**VS Sosiale Impak, Transformasie en Personeel**: Prof Nico Koopman, dr Leslie van Rooi, dr Pierre Viviers, Victor Mothobi, Joanne Williams, Sello Molapo, Jan Knight, Carmen Paynter, Greshne Davids, Tanya Green, Emma Carstens, Susan Crumpton, dr Craig Thompson, dr Jo-Anne Kirby, dr Lynne Julie, Haidee Williams, Ernestine Meyer-Adams, Renee Hector-Kannemeyer, Saartjie Botha, Bongani Mgijima, Claire Kelly, Babalwa Gusha, Michelle Jooste

**VS Strategie en Internasionalisering:** Prof Hester Klopper, dr Wayne Muller